081552

<u>universele</u> <u>vaardighede</u> ter sprake kom. <u>Individuele</u> vaardighede of <u>maatskappyspesifieke vaardighede</u> word slegs deur 'n bepaalde industrie geakkommodeer en daarvoor opgelei.

(5) Rade/instansies stimuleer opleiding in hulle bedryf deur nuwe kursusse te ontwikkel, seminare en indiensopleidingskursusse aan te bied en nuusbriewe te versprei aan lede. Die vraag na opleiding word deur die bedryf-industrie se behoeftes bepaal.

(6) Waar vaardighede ontdek word waarvoor nie opgelei word nie, sal die raad/instansie dit self bybring of van groepopleidingsentra se kundighede gebruik maak.

3.5 BESTAANDE OPLEIDINGSTRUKTURE

(1) Die meerderheid van die respondente is van mening dat die <u>bestaande wetgewing</u> rakende Mannekragopleiding uitgebrei moet word om afgesien van ambagte ook opleiding in andersoortige vaardighede te akkommodeer.

(2) Wetgewing moet egter nie <u>rigiditeit</u> in die hand werk of beperkinge plaas nie, maar moet geleenthede tot soepelheid en aanpassing moontlik maak.

(3) Die meerderheid van die respondente is ten gunste van opleidingsrade, aangesien dit opleiding in die bedryf kan koördineer. Sommige respondente is egter daarteen gekant aangesien hulle van mening is dat hulle bedryf se opleiding selfvoorsienend en selfstandig is.

3.6 ADMINISTRATIEWE AANGELEENTHEDE

(1) Die meerderheid opleidingsrade/instansies handhaaf goeie samewerking met die Departement Mannekrag en die Nasionale Opleidingsraad (NOR).

484

(2) Sommige respondente is egter van mening dat hulle nie verteen-
woordiging op die komitees van die NOR het nie, en derhalwe nie
hulle volle samewerking kan gee nie.

(3) 'n Konsulterende Komitee waarop alle opleidingsrade sowel as
die NOR en die Departement Mannekrag sitting het, kan moontlik
beter funksioneer en die Nasionale Mannekragkommissie vervang.

(4) Waar opleiding hoofsaaklik afgewentel sal word tot op die vlak
van die opleidingsrade/instansies moet hierdie liggame outonoom
word met betrekking tot die goedkeuring van kursusse en die
akkreditering van opleiding.

(5) Die Departement Mannekrag kan 'n arbiterfunksie verrig waar
dispute tussen opleidingsrade en werknemers hanteer word.

3.7 ALGEMEEN

(1) Die meerderheid van die respondente is ten gunste van die
kontanttoelaestelsel en verkies dit bo die huidige belasting-
toegewingstelsel van die Regering.

(2) Die kontanttoelaestelsel moet egter nie opleidingsrade of
instansies benadeel ten opsigte van die huidige stelsel nie.

(3) Opleidingsrade moet ook nie totaal afhanklik wees van die
kontanttoelaestelsel vir die finansiering van hulle opleiding
nie en moet waar moontlik ook selfvoorsienend kan wees.

(4) Die bedrag wat die Staat in die verlede aan belastingkorting
spandeer het kan op 'n pro-rata-basis aan opleidingsrade/in-
stansies betaal word. Die bydrae tot die Bruto Nasionale
Produktiwiteitsyfer kan as 'n maatstaf hiervoor geneem word.

485

(5) Nie alle respondente is ten gunste van die opleiding van werkloses nie en die opleiding moet gerig wees om die behoeftes van die bedryf te bevredig. Werkloosheidsopleiding moet tot indiensneming aanleiding gee.

(6) Die meerderheid respondente is ten gunste van groter samewerking met tersiêre opleidingsinstansies soos Technikons, Universiteite, Kolleges en Streekopleidingsentra in belang van opleiding.

--- oOo ---

AFDELING 4

IMPLIKASIES VAN VAARDIGHEIDSOPLEIDING VIR WETGEWING

Die volgende aspekte van vaardigheidsopleiding behoort deur wetgewing ondervang te word:

4.1 Die insluiting van opleiding in vaardighede buite ambagsmanopleiding by die Wet op Mannekragopleiding, 1981 word hier verwys na intellektuele of bestuursvaardighede, manipulatiewe en tegniese vaardighede byvoorbeeld die opleiding van operateurs, masjiniste, spyseniers, bankamptenare, werkers in die klerenywerheid ensovoorts.

4.2 'n Stelsel van modulêre opleiding behoort voorsiening te maak vir herhaling van opleiding en toetsing van modules wat gedruip word. Vanweë die koste-implikasies van hierdie soort opleiding moet nywerhede reëlings tref vir die bevordering en finansiering daarvan.

4.3 'n Enkele organisatoriese struktuur wat alle fasette van vaardigheidsopleiding d.w.s. ambagsmanopleiding sowel as andersoortige vaardighede insluit kan binne die onderskeie nywerhede geskep word.

4.4 Die Departement van Mannekrag, in oorleg met die Nasionale Opleidingsraad sal met die betrokke nywerhede en ander instansies onderhandel om opleidingsrade gestig te kry. Hierdie opleidingsrade behoort met die nodige wetlike en ander bevoegdhede beklee te word om die administrasie van vaardigheidsopleiding by die Departement van Mannekrag oor te neem.

4.5 Opleidingsrade wat die funksies van die mannekragopleidingskomitees kan oorneem, behoort in elke nywerheid of opleidingsinstansie ingestel te word.

487

(a) Samestelling:

Verteenwoordigers van werkgewers- en werknemersorganisa-
sies. In beginsel behoort hulle deur die georganiseerde
nywerheid in oorleg met die NOR ingestel te word en
behoort aan die beheerliggaam van die betrokke nywerheid
en die Komitee vir Opleidingsrade van die NOR verantwoor-
delik te wees.

(b) Funksies:

- Die opleidingsraad sal die liggaam wees wat die
  opleidingsprogramme inisieer en monitor.
- Die bepaling en opstel van kriteria vir opleidings-
  modules en die finale evaluering.
- Die opstel van leerplan-inhoude te inisieer en te
  monitor.
- Die hersiening van inhoude te hanteer en standaarde
  te monitor.
- Die instelling en administrasie van akkreditering van
  opleidingsinrigtings en werkgewers wat opleidingspro-
  gramme aanbied.
- Skakeling met Technikons en tegniese kolleges en
  ander sake rakende die inhoude, standaarde van
  opleiding, ensovoorts.

4.6 Die monitering van opleiding is belangrik en derhalwe sal die
Wet op Mannekragopleiding (Art.45, 1981) voorsiening kan maak
vir die aanstelling van opleidingsadviseurs en ander gemagtigde
persone om die standaarde van opleiding te handhaaf.

4.7 Die Nasionale Opleidingsraad behoort die oorhoofse leiding te
neem om opleidingstandaarde te koördineer ten einde te verseker
dat opleiding en evaluering op 'n hoë peil gehandhaaf sal word.

4.8 By die skepping van 'n organisatoriese struktuur vir die hantering van die totale spektrum van opleiding, kan die Departement Mannekrag met die opleidingsrade wat opleidingske- mas ingevolge artikel 48 (d) van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956, ingestel het en administreer, onderhandel met die oog daarop om sulke skemas eerder onder die Wet op Mannekragop- leiding 1981 of die Konsepwysigingswetsontwerp op Mannekragop- leiding, 1988 - te plaas. Voormelde artikel 48 (d) kan dan mettertyd uit die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956 geskrap word.

4.9 In die opleiding moet daar deurlopend op die behoeftes van nywerhede gelet word. Dit is 'n aangeleentheid wat die uit- sluitelike verantwoordelikheid van die onderskeie opleidings- rade is.

4.9 Die registrasie van opleidingskursusse vir akkreditering deur die Departement Mannekrag, behoort mettertyd volledig na die onderskeie opleidingsrade oorgedra te word.

4.10 Opleidingsrade behoort die bevoegdheid te verkry om streeksop- leidingsentra en selfs konsultante te kan akkrediteer wat opleiding namens hulle onderneem, mits die opleiding aan bepaalde voorwaardes voldoen.

4.11 Die stigting en vestiging van opleidingsrade behoort aangemoe- dig te word, maar waar opleidingsinstansies verkies om nie 'n opleidingsraad te stig nie, moet wetgewing vir die moontlikheid voorsiening maak.

--- oOo ---

489

AFDELING 5

AANBEVELINGS VIR VAARDIGHEIDSOPLEIDING

Na aanleiding van sowel die literatuurondersoek as die empiriese ondersoek, kan daar nou tot die volgende aanbevelings oorgegaan word:

5.1 Die term "Industriële Opleidingsraad" moet in die Konsepwysigingswetsontwerp op Mannekragopleiding (113 van 1988) vervang word met die term "Opleidingsraad". Dit is noodsaaklik om alle sektore in die ekonomie wat opleiding verskaf, in te sluit.

5.2 Die Konsepwysigingswetsontwerp op Mannekragopleiding moet aangepas word en in 'n afsonderlike afdeling moet gespesifiseer word dat opleidingsrade verantwoordelik moet wees vir alle vaardigheidsopleiding. Die verantwoordelikheid van opleidingsrade in ambagsmanopleiding behoort afsonderlik gespesifiseer te word.

5.3 Die Konsepwysigingswetsontwerp op Mannekragopleiding moet verander word om 'n statutêre liggaam - die Assosiasie van Opleidingsrade (AOR) in te sluit. Hierdie liggaam sal saamgestel word deur die uitvoerende bestuurder van alle geakkrediteerde opleidingsrade en sal direk aan die minister rapporteer deur middel van 'n direkte skakel soos die Direkteur-generaal van die departement Mannekrag.

490

Diagrammaties kan dit soos volg voorgestel word:

```
                    ┌──────────┐
                    │ Minister │
                    └────┬─────┘
                         │
    ┌────────────────────────────────┐   ┌─────┐
    │ Direkteur-generaal: Mannekrag   ├───┤ NOR ├─┐
    └────────────────────────────────┘   └─────┘ │
                         ║                        │
    ┌────────────────────────────────────────┐   │
 ┌──┤ Assosiasie van Opleidingsrade          │   │
 │  └────────────────────────────────────────┘   │
 │                                                │
 │  ┌───────────┐  ┌──────────────────┐  ┌────────────┐
 │  │Kommunikasie│ │Ambagsmanopleiding-│ │Indiensoplei-│
 │  │-komitee   ├──┤komitee            ├─┤dingskomitee │
 │  └───────────┘  └────────┬─────────┘  └────────────┘
 │                          │
 │  ┌────────────────────────────────┐  ┌──────────┐
 ├──┤Gedesentraliseerde optrede(werkgewers)├─┤Vakbonde │
 │  └────────────────────────────────┘  └──────────┘
 │                │
 │  ┌────────────────────────────────┐
 └──┤Gedesentraliseerde opleiding     │
    └────────────────────────────────┘
```

5.4 Opleidingsrade moet aangemoedig word om verantwoordelikheid te aanvaar vir generiese vaardighede en om van tweedevlak akkreditering gebruik te maak vir spesifieke vaardighede.

5.5 Opleiding in die _bestuursvaardighede_ (sagte vaardighede) behoort op 'n gekoördineerde basis deur die AOR hanteer te word op grond van die behoefte-analise verslae van individuele opleidingsrade. Die AOR sal navorsing onderneem en daarna 'n aanbeveling maak om die breë behoefte aan bestuursopleiding in die RSA te bevredig.

5.6 Groep (regionale) opleidingsentra sal hulle aktiwiteite moet rig op basiese opleiding vir daardie industrieë wat nie oor 'n geakkrediteerde opleidingsraad beskik nie.

5.7 Dit word voorgestel dat die NOR navorsing onderneem na die rasionalisering van opleidingsaktiwiteite tussen groepopleidingsentra en tegniese kolleges.

491

5.8 Kontanttoelaes moet alleen toegeken word aan geakkrediteerde opleidingsrade wat dan die volle mag het oor die aanwending daarvan binne 'n bepaalde industrie.

5.9 Die NOR se hooftaak moet wees die promosie en ontwikkeling van opleiding in die RSA en moet voortgaan om navorsing daaromheen te stimuleer.

5.10 In die lig van die voorgestelde AOR, word aanbeveel dat streeksopleidingskomitees van die NOR ontbind word, sodra die AOR begin funksioneer.

5.11 Die hooftaak en funksie van die Registrateur behoort die akkreditering van opleidingsrade te wees asook alle administratiewe pligte wat daarmee verband hou soos intrekking van akkreditering, statistieke ensovoorts.

5.12 Die hooftaak van die streeksadviseurs van die Departement van Mannekrag moet die koördinering van die opleiding van die werksoeker en werkloses wees sowel as aangeleenthede wat met groepopleidingsentra verband hou.

5.13 Dit word aanbeveel dat alle kapitaalkostes wat mag ontstaan uit die vestiging van 'n opleidingsraad, insluitende die invoer van opleidingsapparatuur en programmatuur toegelaat word om met 40% per jaar waarde te verminder.

5.14 Die opleidingsverwante verantwoordelikhede van die bestaande Nasionale Mannekragkommissie kan gesentraliseer word deur die NOR ten einde slegs een liggaam te hê wat 'n samehangende opleidingsbeleid en prioriteite sal bepaal.

5.15 Ten einde wrywing te voorkom en om kommunikasie tussen groepopleidingsentra en opleidingsrade te bevorder, sal dit noodsaaklik wees dat groepopleidingsentra aansoek om akkreditering vir opleiding doen alvorens hulle opleiding onderneem wat onder

492

sodanige opleidingsrade resorteer. Die rabat vir sodanige opleiding moet nie oorbetaal word alvorens akkreditering nie toegestaan is nie.

5.16 Opleidingsrade sal moet let op die opleidingsbehoeftes van alle kategorieë van werk en moet poog om dit te integreer in 'n roetekaart ten einde te kan voorsien in die totale Mannekragbehoeftes van die bepaalde industrie of nywerheid.

5.17 Die kontanttoelaes wat die Staat vir opleiding sal betaal, moet baseer word op 'n formule wat sal verseker dat vaardigheidsopleiding wat universeel belangrik is vir die land, gestimuleer sal word. · Fondse moet op 'n deurlopende grondslag voorsien word, aangesien die Staat verantwoordelik is vir die ontwikkeling van die land se mannekrag. Die kontanttoelaes moet verder ook bepaal word deur bevoegdheidskriteria en nie soseer op die grootte van die industrie, omvang van begroting van die raad of enige ander faktor nie.

5.18 Alle mannekragopleiding en opleidingsraadaangeleenthede moet onder slegs EEN wet en slegs EEN Staatsdepartement resorteer. Daarom sal wetgewing rakende die bestuur van opleidingsrade deur plaaslike owerheidsliggame geskrap moet word.

--- oOo ---

493

LITERATUURVERWYSINGS:

1. Guglielmino, P.J. 1979. Developing the Top-level executive for the 1980's and beyond. Training and Development Journal, 1979, April. 12-14.

2. Hersey, D & Blanchard, K. 1982. Management of organizational Behaviour. Utilizing Human Resources Prentice-Hall Englewood Cliffs, New Jersey.

3. Konsepwysigingswetsontwerp op Mannekragopleiding Kennisgewing 113 van 1988. Departement van Mannekrag, Pretoria.

4. Nasionale Opleidingsraad, 1986. Riglyne vir die akkreditering van opleiding. Departement van Mannekrag. Pretoria.

5. Nasionale Opleidingsraad, Departement van Mannekrag, 1984. Kompendium van Opleiding. Pretoria.

6. National Training Board, Department of Manpower 1986. Guidelines for the establishment, management, financing and functioning of an Industry Training Board, Pretoria.

7. Witskrif 1988: Die gesamentlike verslag van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing en die Nasionale Opleidingsraad oor die ondersoek na die opleiding van ambagsmanne in die Republiek van Suid-Afrika, met die kommentaar, standpunte en besluite van die Regering op die aanbevelings.

--- oOo ---

494

BYLAE A

RGN NAVORSING: VAARDIGHEIDSOPLEIDING:

PROJEKKOMITEE 6:   STRUKTURE VIR VAARDIGHEIDSOPLEIDING

NAVORSERS: Prof L P Calitz - Universiteit van Pretoria
                Dr A Maree   - UNISA

DOEL MET NAVORSING:

1.   Ondersoek sal   ingestel word na die bestaande strukture van
     opleiding in die RSA.

2.   Daar sal veral gestreef word na die daarstelling van makro-,
     meso- en mikrostrukture van opleiding en daar sal bepaal moet
     word hoe hierdie strukture opleiding bemoontlik of bemoeilik.

I   VAARDIGHEDE:

1.   Wat is die aard en omvang van vaardigheidsopleiding waarvoor u
     opleidingsraad/instansie voorsiening voor maak?.

2.   Noem 'n aantal lede wat moontlik deur u raad/instansie geakkre-
     diteer kan word vir opleiding?

3.   Hoe maak u voorsiening om die individuele opleidingsbehoeftes
     van u lede te akkommodeer?

4.   Watter maatreëls word geïmplimenteer om opleiding in u bedryf-
     sektor te stimuleer?

5. Vir watter ander noodsaaklike vaardighede maak u instansie nie voorsiening nie?

   (a) Indien nee - hoe meen u moet daarvoor voorsiening gemaak word?

   (b) Sou 'n opleidingsentrum in die behoefte kan voorsien?

II BESTAANDE OPLEIDINGSTRUKTURE

1. Meen u dat die bestaande wetgewing rakende Ambagsmanopleiding uitgebrei moet word om ook u bedryfsektor se vaardighede in te sluit?

   (a) Indien ja - hoe moet dit geskied?

   (b) Indien nee - motiveer u antwoord asseblief.

   (c) In watter opsigte skiet bestaande wetgewing tekort?

2. Is u ten gunste van 'n opleidingsraad vir u bedryfsektor?

   (a) Indien ja - motiveer u antwoord asseblief.

   (b) Indien nee - motiveer u antwoord asseblief.

3. Watter soort struktuur sal die opleiding in u bedryfsektor die beste kan dien?

III ADMINISTRASIE:

1. Beskryf die mate van samewerking tans met:

   (a) Die Departement Mannekrag (MK)

   (b) Die Nasionale Opleidingsraad (NOR)

   (c) Die Nasionale Mannekragkommissie (NMK)

496

2. As opleiding in die toekoms gedesentraliseer gaan word, watter rol meen u moet die Departement van Mannekrag in die verband speel?

3. Ondersteun die NOR u opleidingsbedryf tans?

4. Indien nie - hoe meen u moet die NOR se rol en funksie gewysig word om opleiding beter te steun?

5. Watter beleid meen u moet die Departement van Mannekrag in die toekoms volg om opleiding te bevorder?

6. Hoe sal u opleidingsraad (instelling) die opleiding van u geakkrediteerde lede monitor?

   (a) Rekordhouding
   (b) Kriteria vir akkreditering
   (c) Evaluering

IV ALGEMEEN:

1. Verkies u opleidingsraad die stelsel van kontanttoelaes bo die huidige belastingtoegewings vir opleiding?

   (a) Indien ja - hoekom?
   (b) Indien nee - motiveer u antwoord asseblief.

2. Het u opleidingsraad (instansie) vir die opleiding van werkloses gekontrakteer?

   (a) Indien ja - watter finansiële voordele hou dit in?
   (b) Indien nee - waarom nie?

3. Voorsien u opleidingsraad formele samewerking met ander instellings byvoorbeeld Onderwysdepartemente, Technikons en Universiteite met betrekking tot opleiding?

497

BYLAE B

HSRC RESEARCH INTO SKILLS TRAINING

PROJECT COMMITTEE NO 6: STRUCTURES FOR SKILLS TRAINING

RESEARCHERS: Prof L P Calitz - University of Pretoria
                Dr A Maree   - UNISA

AIMS OF THE RESEARCH PROJECT:

1. To determine the existing structures with regard to the effectiveness of skills training in the RSA.

2. To propose structures to optimize skills training in the RSA.

I   SKILLS:

1. What is the scope of operation of your training board or institution?

2. Name a few members of your association which could be accredited for training?

3. How would you accommodate the individual training requirements of your members?

4. What measures are implemented to stimulate training in your institution or business sector?

498

5. Should you identify the lack of certain necessary skills in your institution, how would you rectify the matter?

   (a) Would an external source or regional training centre provide a solution?

II EXISTING TRAINING STRUCTURES

1. Is it feasible to extend the existing act for Artisan-training to include all skills required in your business sector?

   (a) If yes - how should it be stretched?
   (b) If no - motivate your answer.
   (c) How is the present legislation falling short?

2. Are you in favour of a Industry Training Board for your industry or business sector?

   (a) If yes - motivate your answer.
   (b) If no - motivate your answer.

3. What kind of structure will facilitate your training best in future?

III ADMINISTRATION:

1. Describe your present association with:

   (a) The Department of Manpower (DM)
   (b) The National Training Board (NTB)
   (c) The National Manpower Commission (NMC)

2. If training is to be decentralised in future - what part will the Department of Manpower play to assist training?

3. Is the NTB presently of assistance to your training endeavour?

499

4. How would you foresee the NTB's role and function to be changed in future to be of greater assistance to training?

5. What policy should the Department of Manpower implements to facilitate training in future.

6. How will your training board (institution) monitor the training of your accredited members? e.g.

    (a) Record keeping
    (b) Criteria for accreditation
    (c) Evaluation

IV   GENERAL:

1. What is the opinion of your board/institution about the cash grant system envisaged by the Department of Manpower?

2. Has your board/institution applied to be a contractant in the training of the unemployed?

    (a) If yes - what financial benefit can your institution derive from this?
    (b) If no - motivate your answer please.

3. Do your board/institution foresee cooperation with other institutions e.g. Educational department, Technicons and Universities with regard to training?

--- oOo ---

500

Opleidingsraad/instelling:

Electrical Industry Training Board:

1. <u>Aard en omvang van vaardigheidsopleiding:</u>

- Alle elektriese kontrakteurs in RSA en TBVC lande.
- Elektriese konstruksiewerkers.
- Elektriese tegnoloë.
- Tegnologiestudente.
- Operateursvaardighede.
- Bestuursvaardighede.

2. <u>Geakkrediteerde lede</u>:

- Elektriese kontrakteurs wat opleiding verskaf.
- 15 Industrieë wat opleiding verskaf.
- Elektriese konstruksiemaatskappye.

3. <u>Individuele opleidingsbehoeftes</u>:

- Opleidingsentra in Kaapstad en Durban.
- Tegnologiestudente na 4 dae van opleiding geëvalueer.
- SA Transport Services geakkrediteer om opleiding te verskaf.

Opleidingsraad/instelling:

Metal and Engineering. Industries Education and Training Board:

1. <u>Aard en omvang van vaardigheidsopleiding</u>:

- Vakmanskapopleiding.
- Aantal industrieë het firma spesifieke of sektor spesifieke vaardighede.
- Later moontlike opleidingsraad IMTB
- Waar gebrek aan vaardigheid ontdek word bv. geletterdheid - reël self opleiding.

2. <u>Groepopleidingsentrums</u> word deur sommige maatskappye gebruik.
- Sal later akkrediteer word om opleiding te verskaf indien hulle aan gestelde kriteria voldoen.

Opleidingsraad/instelling:

The Training Scheme for the Retail Industries of accommodation, Catering and Liquor.

I. <u>Vaardigheidsopleiding:</u>

1. Ten gunste van opleidingsraad
2. Drankbedryf is ingesluit sowel as Klubs bv. Sosiale Klubs, die sektore van restaurantbedryf.
3. Bestuurslui word opgelei deur indiensopleidingskema en Technikons bv. Witwatersrand. Hotelskole bied blokvrystellingskursusse vir indiensopleiding en voltydse mense.
4. Raad monitor opleiding aan indiensopleiding en Technikons.
5. Ander kursusse soos bv "Catering" - diplomas lei tot bestuursposte in spyseneringsbedryf.
6. Restauranteienaar, of hospitaal of universiteit spyseniering.
7. Raad het self kursusse bv. interpersoonlike vaardighede, motivering en restaurantbestuur. Basiese bestuursvaardighede
8. Kursusse kan ook deur streekopleidingsentrums aangebied word. <u>Sentrums</u>: bv. Apex sal geakkrediteer word vir opleiding.
9. Professionele kookkuns of selfopleiding wat tot bestuursposte kan lei.

502

- Werkgewer kan self opleiding
  verskaf of by groepopleiding-
  sentrum werkers laat oplei.
4. Stimulering van opleiding:
- Leemtes in opleiding word vroeg
  geïdentifiseer.
- Individuele onderrig waar vaar-
  dighede ontbreek.
- Videomateriaal ingeskakel om
  basiese vaardighede aan te leer.
- Instrukteurs gee onderrig op
  individuele basis waar leemtes
  ontdek word.

5. Vaardighede nie voorsien nie

- Bestuursvaardighede wat maat-
  skappy - spesifiek is.

6. Groepopleidingsentrums:

- Gekwalifiseerd positief.
- Kontraktuele verbintenis om
  hulle te akkrediteer vir
  bepaalde opleiding.

10. Stimulering van opleiding deur
    loopbaanskou en groepe mense toe-
    gespreek.
11. Bedryf voldoen aan alle aspekte van
    vaardigheidsopleiding.
12. Bedryf wil nie inskakel by ambags-
    manskapopleiding nie; liewer
    diplomas.

II. Bestaande strukture:

1. Wetgewing kan uitgebrei word om
   opleiding in hotelbedryf in te
   sluit.
2. Twee opleidingskemas voldoen aan
   beste kriteria vir opleiding.
3. Wetgewing sal nie voorskriftelik
   wees nie.
4. Wetgewing kan magte verskaf, wat
   nie voorheen bestaan het nie bv.
   minimum lone.
5. Betrokke by akkrediteringsonder-
   soeke na groepopleidingsentra.
   Goeie verhoudinge met Departement
   Mannekrag en Nasionale Opleidings-
   raad.

II Bestaande opleidingstrukture:

1. Bestaande wetgewing - om
   vaardighede in te sluit.

II Bestaande opleidingstrukture:

1. Bestaande wetgewing - om
   vaardighede in te sluit.
- Oorspronklik sluit Witskrif
  slegs ambagsmanopleiding in.
- Dink nie vaardighede hoef
  deur wetgewing ingesluit te
  word nie - sal beter deur

III Administrasie:

1. Positiewe verhouding met Departe-
   ment Mannekrag en Nasionale Op-
   leidingsraad.
2. Leer by ander opleidingsrade.
3. Bevoegdheidsgerigte opleiding.
   - kriteriumgerig sal geïmplemen-
     teer word.

maatskappye self hanteer kan
word.
- Hang af van kontanttoelaestel-
sel wat dit dalk later sal
noodsaak.
- Maatskappye verkies 'n soepe-
ler struktuur sonder te veel
kontrole en regulasies nie.
- Maatskappye is verskillend van
mekaar en hulle streef na eie
opleiding en hulle eie behoef-
tes.
- Geen dringende behoefte vir
opleidingsraad wat vaardighede
kan koördineer nie.
- Wet vir vakmanopleiding.

III Administrasie:

1. Positiewe samewerking met
Departement van Mannekrag
2. Positiewe samewerking met
Nasionale Opleidingsraad.
3. Komitees vir koördinering
van opleidingsrade -
positief.
4. Beter verteenwoordiging van
Elektriese opleidingsraad op
NOR.
5. Elektriese industrie moet
beter verteenwoordiging kry
in Departement Mannekrag.
6. Komitees moet meer doelgerig
wees om industrieë te dien.

III Administrasie:

1. Positiewe samewerkimg met
Departement van Mannekrag
- sal in toekoms daarna strewe.
2. Geen direkte kontak met NOR
nie, maar lede het sitting op
NOR en ander komitees en daar
is dus koördinering.
3. Ambagsmanopleidingskomitees
word wel verteenwoordig.
4. Funksies van NOR is adviserend
en konsulterend en daarom is
assosiasie met hulle noodsaak-
lik.
5. Moet insette van industrie kry
om relevante leiding te gee.
6. Komitees van NOR sal belangrike

4. Koördineringskomitees sal oplei-
ding verbeter.
5. Komitee vir navorsing - Staatsweë
bv. NOR en Statistiese Dienste -
kan navorsing koödineer.
6. Skakeling tussen komitees.
7. Bestaande sisteem van akkredite-
ring. Kursusontwikkeling en op-
leidingsadviseurs monitor groepe
werkgewers.
- Selfs persone in opleiding se
vordering word gemonitor.
- Afwykings sal reggestel word.
- Selfs Technikons se opleiding
word gemonitor.

IV Algemeen:

1. Kontrakteer nie vir werkloses nie.
2. Raad doen nie opleiding nie - ko-
ördineer slegs. Groepopleiding-
sentrums kan hier bydrae lewer.
3. Positief teenoor kontanttoelaestel-
sel aangesien Raad se inkomste sal
verhoog en opleiding substantief
kan stimuleer.
- Geheel opleiding sal gesubsideer
word en bo R15000 plafon gaan.
- Toesighouerskursusse.
4. Skool wat kursus aanbied in Hotel-
houding.
- Kursus meer bedryfgerig bv.
- Gasvryheidstudies sal vak wees -
eie restaurante begin, kombuis-

504

IV **Algemeen**:
1. Stelsel van kontanttoelaes
   beter as belastingtoegewings.
2. Regverdige stelsel van
   vergoeding.

taak in koördinering met betrek-
king tot opleidingsrade hê.
7. Strukture moet gevoelig wees vir
   industrie se behoeftes.

IV **Algemeen**:
1. Kontanttoelaes sal verkies word
   bo belastingtoegewings met die
   voorbehoud dat maatskappye nie
   slegter daaraan gaan toewees as
   as onder huidige stelsel nie.
2. Sommige van die maatskappye het
   gekontrakteer om werkloses op te
   lei en dit te reël met die Depar-
   tement van Mannekrag.
3. Maatskappye sal hulle eie oplei-
   ding ooreenkomstig eie behoeftes
   wil onderneem.
4. Vakbonde behoort inspraak in op-
   leidingsrade te hê.
5. Groter koördinering met onderwys-
   departemente en opleidingsinsti-
   tute is noodsaaklik. Verteen-
   woordiging van industrie op rade
   van bv. Technikons en Tegniese
   Kolleges.
   - Toesig oor standaarde van op-
   leiding.

werk.
- Beter Technikonopleiding.
5. Nie nog weer iets bykom op die
   stadium nie - nuwe inisiatiewe
   moet eers gelaat word tot stelsel
   goed funksioneer.

NAAM: EERSTE NASIONALE BANK

I   VAARDIGHEDE:

1.   Tipe vaardighede waarvoor die instansie in die opleiding
      voorsiening maak is :

      a)   Operateursvaardighede binne die bankwese.
      b)   Bestuursvaardighede:
            Beplanning, Organisering en Motivering.

2.   'n Onderskeid word getref tussen sogenaamde "Hard skills" en
      "soft skills".

3.   Opleiding vir "hard skills: (vaardighede benodig binne die
      bankwese) word by elke afsonderlike tak gedoen. Opleidings-
      pakkette word vir elke tak ontwikkel om aan die behoeftes van
      die afsonderlike tak te kan voldoen.

4.   Die wyse waarop opleiding plaasvind is deur middel van modulêre
      eenhede asook deur multi-media opleidingspakkette.

5.   Opleiding vir "soft skills" (bestuursmatige vaardighede) word
      deur die opleidingsentrum by Sandown verskaf.

II   BESTAANDE STRUKTURE:

1.   Nie ten gunste van 'n opleidingsraad nie.   Sal wel oorweging
      skenk aan 'n Ad Hoc komitee wat kommunikasie tussen die ver-
      skeie bankgroepe moontlik maak oor gemeenskaplike aangeleent-
      hede in die bankwese.

2.   So 'n Ad Hoc komitee moet ook die standpunt van die bankwese
      aan die NOR en Departement Mannekrag oordra.

505

3. Probleem met 'n opleidingsraad is dat nog 'n burokratiese instansie daargestel word, wat kostegewys nie so effektief is nie.

4. Daar bestaan ook die vrees dat in 'n kompeterende mark organisasies te veel sal moet opoffer, deur insae in ander organisasies se opleidingsproses te verkry - indien 'n opleidingsraad bestaan.

5. 'n Ad Hoc komitee kan wel die algemene vaardighede binne 'n bepaalde sektor koördineer.

6. Die leemte in die bestaande wetgewing is die feit dat daar nie belastingtoegewings gemaak word vir die aankoop van toerusting vir opleiding nie.

7. Die regering is wel ernstig oor die stimulering van opleiding.

8. Opleiding moet gedesentraliseer word - 'n opleidingsraad is 'n duplisering van die NOR.

III **ADMINISTRASIE**

1. Daar bestaan 'n goeie samewerkingsooreenkoms met die Departement Mannekrag.

2. Ook goeie samewerking met die NOR.

3. Die NOR het 'n besliste funksie - naamlik die verbetering van opleidingstandaarde asook die verbetering van opleiers.

4. Die funksie van die Nasionale Mannekragkommissie moet veral toegespits wees op die bepaling van nasionale mannekragbehoeftes en die verdeling van fondse dienooreenkomstig.

506

5. Die streekkomitees van die NOR se funksie moet hoofsaaklik die uitruil van idees wees, en nie beleidmaking nie.

IV **ALGEMEEN:**

1. Die beeld van die Technikon moet verbeter.

2. Daar moet 'n instansie wees wat die verdeling van kontanttoelaes hanteer, in ooreenstemming met behoeftes wat mag bestaan.

--- oOo ---

507

NAAM: MOTOR INDUSTRIE WERKGEWERSVERENIGING

I   ALGEMENE VAARDIGHEDE:

1. Buiten vakleerlingopleiding is die ander vaardighede waarin opleiding verskaf word - die van lae en middelbestuur, verkoopstegnieke en pakhuisbestuur.

2. Daar word gewerk aan die stigting van 'n opleidingsraad en die infrastruktuur van die nywerheidsraad sal gebruik word. Behalwe die werkgewers wat op die opleidingsraad verteenwoordig sal word, sal vakbonde ook verteenwoordiging op die opleidingsraad verkry.

3. Daar is besluit om 'n opleidingsraad te stig, aangesien opleiding van ander vaardighede (buiten tegniese opleiding) ook geïnkorporeer sal word.

4. Een van die leemtes in motorkleinhandelbedryf is die feit dat die opleiding van onder andere klerke in bestuur tot dusver afgeskeep is, en dat daar in die nuwe bedeling meer aandag aan hierdie soort vaardighede geskenk sal word.

II BESTAANDE STRUKTURE:

1. Die bestaande wetgewing moet uitgebrei word, om soos die Witskrif huidiglik voorsiening vir ambagsmanopleiding te maak, ook die ander aspekte van opleiding in te sluit.

2. Daar bestaan 'n goeie verhouding met die NOR. Die onderskeie komitees van die NOR kan gedesentraliseer word. Vaktoetsing behoort ook gedesentraliseer te word.

3. Belangrik is egter die feit dat desentralisasie gekoördineer moet word - terwille van die handhawing van standaarde.

508

4. Een departement moet verantwoordelikheid aanvaar vir die koördinering van opleiding (opleiding moet voortdurend gemonitor word - maar die departement hoef nie voorskriftelik te wees).

5. Opleiding vir die motorindustrie word gesentraliseer by 12 nasionale opleidingsentrums.

6. Daar bestaan 'n fonds en al die werkgewers dra by tot die fonds.

7. Wetlike verpligting dra daartoe by dat opleiding gestimuleer word - bv. ambagsmanopleiding.

8. Die Mannekragkommissie funksioneer nie effektief nie (te groot en lomp). Vakbonde, werkgewers, departement van Mannekrag en onderwysdepartemente geniet verteenwoordiging. Dit het besluitneming bemoeilik (veral om konsensus te bereik).

9. Die opleidingsrade moet die gesag hê om te kan besluit dat 'n betrokke werkgewer die geleentheid het om sy eie opleiding te doen.

III **ADMINISTRASIE:**

1. 'n Inspektoraat sal deur die opleidingsraad aangestel word om evaluering en akkreditering van kursusse te doen.

IV **ALGEMEEN:**

1. Is ten gunste van kontanttoelaes - aangesien dit kan dien as 'n aansporingsmaatreël om opleiding te stimuleer. Klein werkgewers wat wel opleiding doen behoort meer voordeel uit die

509

stelsel van kontanttoelaes te trek, as groter werkgewers, aangesien hulle meer moet opoffer.

2. Samewerking met skole moet so verbeter dat daar moontlik akkreditering vir basiese vaardighede (tegnies) gegee kan word.

--- oOo ---

510

NAAM: TEKSTIEL FEDERASIE

I   ALGEMENE VAARDIGHEDE

1. Verkies om die soort vaardighede waarvoor opleiding gegee word,
    nie as tegnies of ambagsmanopleiding te tipeer nie.

2. Maak gebruik van opleiding by die Natal Technikon om opleiding
    in die tekstielbedryf te voorsien.

3. Studente kan na aanleiding van hul opleiding 'n Nasionale
    Opleidingsdiploma verwerf.

4. Die vaardighede wat opgelei word binne hierdie sektor moet as
    aparte 'trades' beskou word en behoort eie status te verwerf
    (soortgelyk aan die status van ambagsmanopleiding).

5. Ander vaardighede buiten hierdie vaardighede waarin opleiding
    verskaf word is:
    -   Bestuur
    -   Bemarking
    -   Rekeningkunde C
    -   Toesighouer
    Hierdie opleiding vind egter op geen formele basis plaas nie.

II BESTAANDE STRUKTURE:

1. Die tekstiel Federasie het 'n eie opleidingsraad.

2. As gevolg van geografiese verspreidheid word Afstandsonderrig
    opleidingsentrums geakkrediteer.

3. Die opleidingsraad benodig 'n professionele persoon om die
    monitering van opleiding waar te neem.

III ADMINISTRASIE:

511

1. Die Streekskomitees van die NOR het wel 'n funksie om te vervul.

2. Die realisering van die wetgewing ten opsigte van ambagsmanopleiding moet plaasvind - daar bestaan reeds verwagtinge van die bedryf in die verband. Die insluiting van ander vaardighede binne die wetgewing behoort dan te volg.

3. Weet nie watter funksie die Nasionale Mannekragkommissie vervul nie.

IV **ALGEMEEN**

1. Ten gunste van kontanttoelaes.

2. Lei nie werkloses op nie.

3. Het goeie samewerking met TechNisa en die Technikon Natal.

--- oOo ---

512

DEPARTEMENT MANNEKRAG

DIREKTORAAT: MANNEKRAGOPLEIDING

I   **VAARDIGHEDE:**

1.   Oefening in jong skoene, wetgewing sal aanstaande jaar deurge-
     voer word.

2.   Konsepwysingswetsontwerp ingestel.

3.   Reeds 18 konstitusies vir die stig van opleidingsrade.

4.   Heelwat opleidingsrade gaan nou oor tot stigting.

5.   Strukture is daar en is die basis van samewerking met Departe-
     ment Mannekrag.

6.   Kriteria vir akkreditering van opleidingsrade is in die wet
     uitgespel.

7.   Opleidingsrade moet volgens sy konstitusie funksioneer. -
     Mannekrag sal dit evalueer en opleidingsraad dan akkrediteer.

8.   Verskillende opsies oop - hoef nie slegs uit werkgewers en
     werknemers te bestaan nie, slegs werkgewers kan 'n opleidings-
     raad stig. Vakbonde kan ook betrek word.

9.   Werkgewer is opleier en hulle verskaf fondse.

10. Met die verloop van tyd sal opleidingsrade ook aangepas word om
     vaardighede buite ambagsmanopleiding in te sluit.

11. Wetgewing en Witskrif sluit alreeds die opleiding van die
     andersoortige vaardighede in d.w.s. alle fasette van opleiding
     word ingesluit.

513

12. Departement Mannekrag behoort slegs 'n raamwerk daar te stel
waarbinne werkgewers en werknemers binne alle fasette van
opleiding kan beraadslaag.

II **ADMINISTRASIE:**

1. Skep slegs raamwerk vir opleiding, sal slegs as arbiter optree
en raad gee.

2. Toetsing bv. modulêr sal deur opleidingsrade gedoen kan word.

3. Oorkoepelende liggaam gaan wees deur nywerhede op 'n federale
grondslag wat opleiding sal koördineer.

4. Grondwet moet nie nywerhede bind nie - dien slegs as riglyn.

5. NOR is beleidsadviesliggaan teenoor minister, inligting uit
privaatsektor kry om minister te adviseer.

6. Opleidingsrade wat geakkrediteer word laat Mannekrag- Komitee
aangesien raad sy funksie oplei.

7. Mynhuise dien konstitusie in vir opleidingsraad - Komitees se
funksie sal deur opleidingsrade oorgeneem word.

8. Apélle sal deur Mannekrag hanteer word.

9. Registrasie van kursusse sal nog steeds by Mannekrag geskied,
maar rade kan kursusse goedkeur.

10. Wetgewing sal nie nywerhede aan bande lê nie, maar sal struk-
tuurgewing verseker. Hulle sal individualiteit behou.

11. Stelsel van kontanttoelaes sal beter funksioneer as belasting-
korting en sal opleiers finansieël bevoordeel.

·514

12. Opleiding is 'n belegging en moet nie 'n winselement bevat nie.

13. Geen nuwe strukture nie - bestaande funksioneer goed.

--- oOo ---

515

NAAM: TRAINING BOARD. NATIONAL CLOTHING FEDERATION OF SOUTH
         AFRICA

I   VAARDIGHEDE:

1.   Die opleidingsentrums, naamlik in Kaapstad, Durban en Noord-
     Transvaal.

2.   Kontak met Technikons vir opleiding bv. masjiniste.

3.   Werkloses word ingevolge die Regering se skema opgelei.

4.   Hoër ordevaardighede bv. klerekonstruksie, ontwerp, patroon-
     maak, maak van modelle, produksiebestuur word opgelei.

5.   Resente-ontwikkeling is bestuursopleiding soos nywerheidsver-
     houdinge maar is ongestruktureerd deur opleidingseminare.

6.   Het eie opleidingsraad maar moet met Technikons saamwerk bv.
     ontwerp ens. waar hulle reeds opleiding verskaf.

7.   Toespits op fabrieksvloeropleiding bv. masjiniste.   Inligting
     oor   uitvoere,   kompers,   algemeen-strategiese   beplanning.
     Opleidingsraad moet opleiding koördineer en werk deur bestaande
     instansies bv. SBL ens.

8.   Aanpassings te maak volgens bedryf se behoeftes, konsepte wat
     universeel is, kan deur Technikons en ander opleidingskursusse
     te koördineer en fragmentasie uit te skakel.. Evaluering en
     opvolging om geslaagdheid van kursusse te bepaal is noodsaak-
     lik.

9.   Hele aantal vaardighede bv. bestuursvaardighede en ontwerp wat
     buite ambagsmanopleiding val bv. patroonmaak vir mans en dames.

516

II   BESTAANDE STRUKTUUR:

1. Kan wetgewing uitgebou word om vaardighede buite ambagsmanop-
   leiding ook in te sluit. Wetgewing moet net nie rigiditeit in
   die hand werk nie. Maatskappyspesifieke vaardighede en korter
   opleidingskursusse neig meer om persoon in milieu van praktiese
   vaardigheidsopleiding in te skakel.

2. Klerebedryf is lae tegnologie bedryf en mense kan maklik en
   vinnig opgelei word. Kan geleenthede vir ongeskoolde werkers
   skep om opgelei te word. Arbeiders is sekondêre werkers wat
   inkomste wil aanvul.

3. Mense wat geakkrediteer word is groot firmas in Klerebedryf.

III   ADMINISTRASIE:

1. Nie direkte verteenwoordiging op NOR, maar is lid van FCI
   gefedereerde kamer van nywerhede bv. klerebedryf, tekstiel-
   bedryf, alle vervaardigingsektore het verteenwoordiging.

2. Koördinering van opleidingsrade deur komitee van NOR is nood-
   saaklik bv. nywerheidsverhoudinge.

3. Skakeling met Departement Mannekrag vir wetgewing - konstitusie
   ingedien vir akkreditering.

4. Geen verteenwoordiging op Nasionale Mannekragkomissie nie, maar
   het een lid van FCI wat klerebedryf verteenwoordig en wel
   sitting op die kommissie het.

5. Akkreditering van opleidingsinstansies sal plaasvind en monite-
   ring van opleiding en opleidingstandaarde sal deur toesighouers
   waargeneem word.

IV   ALGEMEEN

517

1. Stelsel van kontanttoelaes is verkieslik bo belastingkorting -
   moet volgens meriete toegedeel word.

2. Onderneem werkloosheidsopleiding vir die regering en kry
   kontantvoordele daarvoor.

3. Ingekontrakteer om werkloses vir Departement Mannekrag op te
   lei.

4. Leemtes is dat opleiding nog op fabrieksvlak opgelei word.
   Krities oplei in behoefte van bedryf.

5. Op bestuursvlak geen koördinering nie.

6. Groepopleidingsentrums se skakeling en kennis is nie voldoende
   beskikbaar nie - behoefte vir rasionalisasie van opleiding en
   beter bekendstelling van dienste.

7. Te min skakeling nog met Technikons en Tegniese Kolleges
   rakende opleiding. Universiteite se sakeskole kan ook saamwerk
   met nywerhede.

8. Vlakke van opleiding kan deur nywerheid self hanteer word -
   klereproduk is andersoortige tegnologie (klere). Lae tegno-
   logie kan deur groepopleidingssentra hanteer word.

9. Akkreditasie is min of meer 50 firmas.

10. Drie verteenwoordigers is op NOR.

--- oOo ---

518

NAAM: PADVERVOERNYWERHEIDSRAAD

I   ALGEMENE VAARDIGHEDE:

1.   Die padvervoernywerheidsopleidingsraad se bestaan is reeds deur
     wetgewing gemagtig.

2.   Opleiding in die volgende vaardighede buiten ambagsmanopleiding
     word aangebied:

     -    kognitief
     -    die oproep van feite
     -    geheue
     -    fisiese soort vaardighede
     -    besluitneming

3.   Indien 'n tekort aan vaardighede geïdentifiseer word, word van
     eksterne bronne (konsultante) gebruik gemaak.

II   BESTAANDE STRUKTURE:

1.   Daar bestaan 'n finansieringsskema waarvolgens die opleidings-
     raad die opleiding finansier.

2.   Elke werkgewer wat by die opleidingsraad geregistreer is, word
     verplig om tot die fonds by te dra.

3.   Die opleidingsraad akkrediteer ook opleidingskursusse, die
     riglyne wat die NOR in dié verband verskaf het, word nagevolg.

4.   Die Departement Mannekrag het 'n skedule waarvolgens
     opleidingsrade uiteindelik eie akkreditering sal kan doen.

5. Wetgewing buiten ambagsmanopleiding moet beter geformuleer word om in staat te wees om bepaalde vaardighede as beroep te kan verklaar. Huidiglik is die prosedure te omslagtig.

6. Die NOR in konsultasie met werkgewers moet in staat wees om bepaalde vaardighede tot 'n beroep te verklaar (Beroepe soos bv. in die bankwese moet soos ambagsmanopleiding beskryf word).

7. Maak ook gebruik van groepopleidingsentra en hierdie sentra word geakkrediteer deur die opleidingsraad.

III ADMINISTRASIE:

1. Die wet op mannekragopleiding skiet tekort in soverre die wet nie genoegsame gesag verskaf om die insameling van heffings te vergemaklik nie.

2. Die funksionering van al die onderskeie komitees van die NOR is nie duidelik nie.

3. Die Departement Mannekrag behoort die lisensiefooi op te skuif - om opleiding binne die bedryf te stimuleer.

4. Die kontanttoelaes sal as aansporing vir die stigting van opleidingsrade dien.

IV ALGEMEEN:

1. Die padvervoeropleidingsraad lei nie werkloses op nie.

--- oOo ---

520

NAAM: ISCOR TRAINING AND DEVELOPMENT

I   VAARDIGHEDE:

1.   Groot genoeg om moontlik opleidingsraad te stig.

2.   Vakmangerigte nywerheid is ons nie, terwyl ons vakmanne net 'n
      dienste-funksie verrig. Operateurs is eintlik die kern van ons
      opleiding.

3.   Vakmanne sal intaakopleiding kry en sal vir voormanopleiding
      geïdentifiseer word.

4.   Opleidingsentrums is outonoom met sy eie opleidingsbestuur en
      fasiliteite en personeel en wat in verskeie Streke gesetel is.

5.   Geweldige veld van opleiding is operatueursgeledere, toesig-
      houers, bestuursopleiding, klerklike en dataverwerkingsoplei-
      ding, tellers, tiksters, woordverwerkers. Daagliks op die
      vloer en in die myne.

II   BESTAANDE STRUKTURE:

1.   Nie sondermeer vaardighede insluit by bestaande wetgewing nie.
      Iskor het by Seifsa ervaring van opleiding byvoorbeeld
      vakmanopleiding en aanvullende opleiding (loonooreenkomsposte).
      Mikrokosmos van breë spektrum van vaardighede byvoorbeeld
      Yskor, Radiovervaardigers, staalverwante ondernemings - belange
      verskil byvoorbeeld definisie van operateur verskil.

2.   Operateurs se vaardighede verskil aansienlik. Liggaam kan nie
      goed funksioneer nie. Bydraes tot fonds gemaak, maar nagenoeg
      30-60 werkgewers het uit fondse geëis. Werkgewers wou nie

521

opleiding tooi om voordele te kry nie. Wil nie bydra tot persoon se opleiding, as ek sy vaardighede nie kan benut nie.

3. Manne trek en kan sy vaardighede benut, sal ek betaal vir opleiding byvoorbeeld Highveld en Yskor se oondmanne verskil.

4. Universele vaardighede byvoorbeeld kraandrywer kan ingesluit word.

5. Lê klem vir vergoeding op tekorte in landsbelang en kan priori- teite swaai volgens die nasionale mannekragstrategie.

6. Opleiding sal self hanteer word en groepopleidingsentrums sal nie gebruik word nie, is ook vrygestel van bydraes tot groepop- leidingsentrums.

7. Skep ons eie opleidingsentrum byvoorbeeld Mandana en kan eie sagteware en gidse self skep.

8. Maak gebruik van Universiteite en Technikons byvoorbeeld bestuursopleidingsprogramme vir middelbestuursopleiding.

III **ADMINISTRASIE:**

1. Eie opleidingsraad verkies.

2. Goeie samewerking met departement Mannekrag en Nasionale Opleidingsraad en is betrokke by subprojekte vir navorsing.

3. Alle opleiding is indiensopleiding en kan vir vaardighede buite ambagsmanopleiding benut word.

4. Streeksopleidingsrade het ons ook sitting op.

522

5. Opleidingsraad moet outonoom wees om sy eie behoeftes te bevredig.

6. Makrovaardigheidsvlak byvoorbeeld drywersopleiding is universeel nie individuele vaardighede nie - selfs nie inspekteurs kan insae kry nie.

IV **ALGEMEEN:**

1. Waar kursusse ontwikkel word, word dit by Mannekrag geregistreer.

2. Akkreditering is nuwe konsep.

3. Interne opleiding van opleidingspersoneel vanaf instrukteur tot vlakke van ontwikkelaars - aanvaar deur Mannekrag.

4. Geakkrediteer deur Mannekrag en Seifsa en het hom gesertifiseer.

5. Formele en informele opleidingsituasie. Informele opleiding kyk na standaarde en nuwe kursusse.

6. Opleidingspesialiste en vakmanopleiding verskil.

7. Die situasie bestaan dwarsdeur die land, probleem om opleidingstandaarde te handhaaf met permanente opleidingspersoneel.

8. Kontanttoelaes sal voordelig wees vir opleiding. Produk - of uitsette sal regverdig wees.

9. Werkloosheidopleiding word op 'n uiters beperkte skaal opgelei.

523

NAAM: FURNITURE INDUSTRY TRAINING BOARD

I   VAARDIGHEDE:

1.   Gordynbedryf, rottangmeubels, kantoormeubels en huismeubel-
     bedryf.

2.   Twee duidelike afdelings in opleidng, naamlik:

2.1   *Vaardigheidsopleiding, tegniese opleiding en*

2.2   *Personeelontwikkelingsafdeling waar toesighouer en*
         bestuursopleiding hanteer word.

3.   Regionale opleidingsentra wat geakkrediteer word vir opleiding
     afgesien van groot opleidingsentra te wete Johannesburg,
     Durban en Kaapstad. Streeksopleidingsentra ook te Potgieters-
     rus, Knysna en Port Elizabeth.

4.   Tegniese opleiding waar byvoorbeeld bandsaagoperateurs opgelei
*   Die beswaar dat die hele kwessie van vaardigheidsopleiding met die stigting van die MSC deur beroepstaatsamptenare uit die hande van ervare en kundige opleidingspersoneel en instansies geneem is, verdien ook weer vermelding.

4.3.3   Opleiding in die nie-ITB sektore

Soos hierbo vermeld (par 4.3.1.3), het opleiding wat nie meer onder die ITB se invloedsfeer val nie in die jongste tyd aansienlik toegeneem. In die verband moet die bedrywighede van vrywillige opleidingsinstansies pertinent vermeld word. Vir doeleindes van hierdie studie kan daar egter nie verder aandag aan die funksionering van sulke organisasies gegee word nie. Die klem val dus enersyds op die opleiding wat deur die sentrale staatsektor verskaf word en daarnaas op die betrokkenheid van plaaslike owerhede by vaardigheidsopleiding. Met so 'n afbakening moet daar in gedagte gehou word dat die institusionele raamwerk waarbinne hierdie soort opleiding geskied, wyd uiteenlopend van aard is. Die verskillende staatsdepartemente aanvaar byvoorbeeld verantwoordelikheid vir die spesifieke opleidingsbehoeftes van hulle werknemers, terwyl opleiding in generiese vaardighede by die "Civil Service College" geskied. Wat die plaaslike sektor betref, is die saak nog meer uiteenlopend van aard. In Engeland en Wallis word die opleiding byvoorbeeld deur 'n nie-statutêre "Local Government Training Board" (LGTB) gereguleer en daarby word verskeie vorme van plaaslike opleidingsreëlings aangetref. Die klem sal egter hoofsaaklik op die werksaamhede en funksionering van die LGTB geplaas word.

4.3.3.1   Vaardigheidsopleiding van staatsamptenare

4.3.3.1.1 Inleiding

427

Die volgende uiteensetting word hoofsaaklik onderneem aan die hand van die 1987-Jaarverslag en die Prospektus van die "Civil Service College" (CSC).

Ter inleiding kan ook vermeld word dat dit die doel is van die CSC om die werksuitsette van werknemers te verbeter en om sodoende aan staatsamptenare die geleentheid te bied om hulle potensiaal vir bevorderingsposte ten volle te verwerklik.

4.3.3.1.2 Finansiering

Ten opsigte van die 1986/87 boekjaar word daar vermeld dat bo en behalwe die £1,9 miljoen wat deur die Sentrale Regering vir die huur van die CSC se geboue betaal is, alle uitgawes deur departemente namens hulle werknemer-studente betaal word. Hierby moet egter net genoem word dat Staatsdeparte-mente nie verplig is om van die dienste van die CSC gebruik te maak nie. Hulle kan hulle werknemers uit vrye keuse ook op ander wyses laat oplei.

4.3.3.1.3 Die aard en inhoudelike van die opleiding

Die opleiding van die CSC neem hoofsaaklik drie vorms aan naamlik induksie-opleiding, werkverwante opleiding en ontwikkelingsopleiding.

a) Induksie-opleiding moet deur nuwe werknemers binne die aanvangsjare van hulle diens deurloop word en is veral gerig op 'n breë bekendstelling van en inlywing in die Staatsdiens.

b) Werkverwante opleiding

Onder werkverwante opleiding word gedink aan die verkryging van vaar-dighede deur werknemers wat hulle in staat sal stel om hulle huidige werk op 'n meer effektiewe wyse te verrig. Die CSC konsentreer byvoorbeeld in die verband op vaardighede (vakke) soos Inligtingstegnologie en Indiensnemingswetgewing wat vir alle departemente relevant is, maar so 'n mate van gespesialiseerde onderrig vereis dat dit makliker is om hoogs gespesialiseerde opleidingspersoneel

by die CSC saam te trek, as om opleiding by individuele sentrums te laat plaasvind.

c) . Ontwikkelingsopleiding

Hieronder ressorteer daardie opleiding wat werknemers voorberei vir veranderde omstandighede. Dit dui dus hoofsaaklik op kursusse vir topbestuur, middelbestuur en personeelbestuur.

4.3.3.1.4 Die vorm van opleiding

. Die vorm van opleiding verskil in 'n groot mate vir die verskillende soorte opleiding. Wat induksie-opleiding betref, moet studente byvoorbeeld twaalf modules neem wat vanaf een tot drie weke elk kan duur terwyl die gemiddelde tydsduur van ander kursusse veel korter is ($\pm$ 4$^{1/2}$ dae per kursus). Hierby word opleiding ook deur middel van afstandsonderrig aangebied en dan verleen die CSC ook bystand aan studente wat vir kursusse by onderwysinstansies ingeskryf is. Verder word 'n sesweke-kursus vir topbestuur aangebied.

4.3.3.1.5 Die aanbieding van kursusse

Met die aanbieding van kursusse is 'n groot mate van buigbaarheid duidelik te bespeur. Die volgende variasies kom voor:

* Die CSC bied self kursusse, soos byvoorbeeld vir departementele opleidingsbeamptes, by die "Training Resources Centre" van die Kollege aan.

* .Die CSC reël intensiewe kursusse vir beamptes by onderwysinstansies wat in staat is om sulke opleiding aan te bied.

* Opleidingspersoneel van die CSC verleen bystand aan beamptes met werkopdragte en eksamenvoorbereiding vir kursusse wat deur middel van afstandsonderrig geneem word.

* Na voltooiing van bestuurskursusse word beamptes op 'n individuele konsultasiebasis by hulle standplase bygestaan ten einde die kursusmateriaal in die praktyk toe te pas.

* Sogenaamde "tailor-made" kursusse word deur die CSC by departemente aangebied om in behoeftes van spesifieke departemente te voorsien.

4.3.3.2 <u>Vaardigheidsopleiding in die plaaslike sektor</u>

4.3.3.2.1 <u>Inleiding</u>

Breedweg gesien, funksioneer opleiding in die plaaslike sektor binne die strukture en organisasies wat deur die Sentrale Regering neergelê is. Ons vind dus byvoorbeeld dat die opleiding van plaaslike amptenare ook in 1964 onder die soeklig gekom het na aanname van daardie jaar se wet. Dit het dan ook daartoe gelei dat 'n "Local Government Training Board" (LGTB) in 1967 in die lewe geroep is as 'n instelling wat op <u>vrywillige samewerking</u> tussen plaaslike owerhede berus. Behalwe vir die nie-verpligtende aard van deelname aan die aktiwiteite van die LGTB, funksioneer dit op dieselfde wyse as die ander ITB's (Cloete 1969:241). Verder het die Opleidingskommissie (MSC) ook op dieselfde basis inspraak in die opleiding wat deur die LGTB aangebied word as in die opleiding van die ander ITB's. Hierby is daar ook voorbeelde waar die MSC die inisiatief geneem het om opleidingsgeleenthede tussen die privaatsektor en die plaaslike sektor te koördineer (Chandler & Lawless 1985:202).

Dit blyk verder dat die vaardigheidsopleiding wat deur die LGTB onderneem word 'n baie pragmatiese karakter vertoon. So vind ons dat die LGTB telkens die soort opleiding wat onder spesifieke omstandighede nodig was, ondersteun het, en dat daar byvoorbeeld van die dienste van universiteite, "polytechnics" en professionele institute gebruik gemaak word om bestuurs- vaardighede te onderrig. Hierdie twee aspekte word vervolgens verder uitgelig.

4.3.3.3.2 <u>Opleiding in spesifieke vaardighede na gelang van omstandighede</u>

Gedurende die tydperk (1963-1976) toe die hele stelsel van plaaslike bestuur in Brittanje gereorganiseer is, met die daarmee gepaardgaande verskuiwing van sowat twee miljoen werknemers, is daar hoofsaaklik gekonsentreer op nuwe of veranderde vaardighede wat benodig sou word. Die LGTB het by- voorbeeld gedurende 1972 'n klein groepie opleidingspesialiste aangestel wat 'n ondersoek moes doen na die opleidingsbehoeftes wat as gevolg van die reorganisasieproses ontstaan het. Daar is bevind dat die volgende vaardighede beklemtoon moes word:

* interne kommunikasie

* keuring en toewysing van personeel

* bekendstelling aan die publiek

* algemene toesig en bestuur

* veranderingsbestuur.

Ten einde in die behoeftes van plaaslike owerhede te voorsien, het die LGTB 'n program bestaande uit generiese vaardighede saamgestel wat deur middel van seminare en opleidingspakkette aan plaaslike besture oorgedra is. Die LGTB het egter besef en voorsien dat individuele owerhede se behoeftes verskil en die opleidingspakkette so saamgestel dat dit redelik buigsaam was en sodat besondere behoeftes ook deur middel van die pakkette aangespreek kan word (Pettman 1978:97).

4.3.3.2.3 Opleiding in bestuursvaardighede

Soos vermeld, het plaaslike besture 'n pragmatiese houding oor vaardigheidsopleiding ingeneem. Toe dit dus duidelik geword het dat die noodsaaklikheid vir heropleiding as gevolg van reorganisasie afgeneem het, het die klem al meer geval op die volgende belangrike prioriteit naamlik, bestuursopleiding. Die LGTB het verder besef dat dit die aangewese weg is om gebruik te maak van instansies soos professionele institute, "polytechnics" en universiteite, wat oor die nodige spesialiteitskennis beskik om hierdie

431

vaardighede te onderrig. Die volgende twee voorbeelde hiervan kan aangedui word.

a) "The London Borough of Bromley" (LBB)

Volgens Coates (1986:23-27) het die LBB in samewerking met die "International Management Centre from Buckingham" (IMCB) besluit om vaardigheidsopleiding vir sommige van hulle bestuurspersoneel aan te bied met die uitsluitlike doel dat dit gebruik sou word

> "for assisting the process of improving the way managers managed and not for any other purpose" (Coates 1986:23)

'n Verdere belangrike aspek wat in verband met hierdie projek uitgelig moet word, is dat daar bevind is dat die personeel van die LBB opleiding in professionele vaardighede in terme van kursusse gesien het. 'n Poging is aangewend om hierdie houding te verander deur die klem te verplaas na toepaslike leerwyses van individue. Die klem val verder op sogenaamde "action learning" wat daarop neergekom het dat daar geleer word deur te doen.

b) "North Yorkshire County Council" (NYCC)

Volgens Brown (1988:10-12) het die NYCC 'n soortgelyke bestuursopleidingsprojek as in die geval van die LBB, in samewerking met die "University of Bradford Management Centre" (DUBS) van stapel laat loop. Hierdie projek is gebaseer op klaskamer onderrig gekombineer met "action learning" waardeur die aanpak van praktiese probleme deur groepe onderneem word. Hierdie projek

> "enables the participant to practice unfamiliar skills in a low-risk environment; it requires him to develop inter-personal

skills in order to make his group function as a team; it enhances his skills of data-collection and handling; it introduces him to unfamiliar areas of his own and other organisations; and finally, it demands a coherent presentation of his work, both verbally and in writing." (Brown 1985:10).

5. Samevatting: Tendense en neigings

5.1 Inleiding

In hierdie afdeling word hoofsaaklik gelet op die breë waarneembare denke oor vaardigheidsopleiding in Brittanje. Die idee is egter nie om net die onderliggende gedagtes agter die huidige strukture te probeer beskryf nie maar om ook 'n aanduiding te gee van die rigting waarin beweeg word. Die hele saak rondom vaardigheidsopleiding is immers nie 'n statiese aangeleentheid wat sonder verandering kan bly voortbestaan nie. Die volgende waarneembare neigings kan aangetoon word.

5.2 Die klem-verskuiwing vanaf onderrig na leer

Met die skepping van strukture vir vaardigheidsopleiding blyk dit in 'n al groter mate dat die klem moet val op spesifieke vaardighede wat vir 'n werk benodig word. 'n Taak behoort dus in vaardighede ontleed te word om sodoende 'n kursus saam te stel word wat aan die leerbehoeftes van studente voldoen. Die klem val dus op die leerder en is werkgerig in teëstelling met ouer benaderings waar kursusse saamgestel is vanuit 'n onderrig-oogpunt sonder om genoeg of enige klem te plaas op leerbehoeftes.

5.3 Konsultasie met alle belanghebbendes

Met die skepping van strukture blyk die belangrikheid om vooraf met alle belanghebbende partye te konsulteer, baie duidelik uit die Britse situasie. Dit hou in dat veral werkgewers maar ook werknemers, sowel as vakbonde en politieke partye geraadpleeg moet word ten einde die aanvaarding en suksesvolle implementering van die stelsel te verseker. Hierby moet ook in

433

gedagte gehou word om nie net individue nie maar beslis ook verteenwoordigers van alle sektore wat geraak kan word deur veranderings, te raadpleeg.

5.4 Verandering in vraag na vaardighede

Uit die Britse situasie blyk dit duidelik dat daar met die skepping van strukture deeglik kennis geneem moet word van die feit dat daar 'n verandering in die vraag na vaardighede plaasgevind het. Hierdie verandering is sigbaar in die sin dat

* daar 'n klemverskuiwing vanaf ambagsmanvaardighede na hoërvlak-vaardighede voorkom.

* daar sprake is van sogenaamde "multi-skilling" eerder as om net een vaardigheid aan te leer.

* daar met aanvangsopleiding verkieslik 'n breë basis gelê moet word bo 'n te eng spesialisasie in 'n sekere vaardigheid.

* daar sprake is van generiese vaardighede wat op verskeie verwante beroepsrigtings van toepassing is.

* geleenthede vir werknemers geskep moet word om nie net tydens aanvangsonderrig nie maar op 'n deurlopende basis nuwe en veranderde vaardighede aan te leer en nie net met aanvangsonderrig nie.

* alle vaardighede bevoegdheidsgerig moet wees en dat opleiding dus hand in hand met sertifisering moet geskied.

* klem gelê word op 'n kwaliteitsbenadering bo 'n kwantiteitsbenadering

5.5 Soepelheid en eenvoud van strukture

Uit die situasie in Brittanje blyk dit as gevolg van 'n verskeidenheid redes dat strukture 'n kenmerk van soepelheid en eenvoud moet vertoon. Sodoende kan daar tred gehou word met korttermyn-veranderings. Dit kom dus daarop neer dat daar in die makrostruktuur voorsiening gemaak moet word vir die devolusie van opleidingsverantwoordelikheid aan instansies soos plaaslike owerhede. Hierdie soort beleid is duidelik sigbaar uit die feit dat daar byvoorbeeld op die gebied van landbou-opleiding in Brittanje sowat 700 verskillende GTA's werksaam is. Dit word dan ook duidelik gestel dat "the trends are quite clear. Small is not only beautiful, it is practical, cost-effective and controllable" (Davies 1982:345).

In hierdie soort situasie kan die regering se rol gesien word as synde een wat moet

* leiding neem;
* as katalisator optree;
* voorsien in infrastrukture en sisteme en
* optree as reguleerder van standaarde.

Dit kom dus eintlik neer op 'n beleid van geleidelike privatisering van opleiding.

5.6 Finansiering van opleiding

Uit die veranderings wat tussen 1964 en 1981 op die gebied van die finansiering van opleiding plaasgevind het, kan afgelei word dat:

* Redelike heffings (± 1% van diensstate) nie net wenslik is nie maar selfs as essensieel beskou kan word.

* Vrystellings 'n baie sensitiewe aangeleentheid is wat blykbaar nie altyd effektief werk nie en moontlik bygedra het tot die feit dat die meeste van die ITB's moes ontbind.

* Toekennings (grants) soos in die geval van die YTS-skema blykbaar meer kwaad as goed kan doen en dus werklik selektief aangewend moet

word in sektore (bv landbou en kleinsake) waar groei dringend aangemoedig moet word.

5.7 Werkervaring en opleiding

Met die gebruik en bedryf van die YTS-skema het dit blykbaar gebeur dat ervare werkers afgedank moes word om vakleerlinge te akkommodeer. Hierdie praktyk kan kontra-produktief wees en gevolglik blyk dit asof werkervaring slegs as 'n wenslike komponent van koöperatiewe onderwys beskou kan word. In die praktyk word dus besef dat werkervaring as deel van die opleidings-komponent nie altyd haalbaar is nie en dat aanvanklik opleidinge in sy geheel by 'n onderwysinrigting kan plaasvind.

5.8 Die koste-effek van opleiding

In die jongste tyd het koste-effektiwiteit seker een van die belangrikste faktore geword wat oorweging verdien rondom die instelling van strukture vir vaardigheidsopleiding. In dié verband kan dit nie oorbeklemtoon word nie dat die gemeenskap verwag dat sy belastingbydraes op 'n sinvolle en ekonomiese wyse bestee moet word. In Brittanje het hierdie saak veral aandag geniet as daar gelet word op die belangrike plek wat OT-programme (afstandsonderwys) in die stelsel van vaardigheidsopleiding inneem. Hierby moet groepsopleidingskemas en die sogenaamde "multiplier effect" van opleiding ook as koste-effektiewe wyses van opleiding vermeld word.

III. VAARDIGHEIDSOPLEIDING IN AUSTRALIë

1. Algemeen

Die rede waarom die navorser besluit het om enkele aspekte van die Australiese stelsel van vaardigheidsopleiding uit te lig kan kortliks soos volg gestel word:

* Die Australiese sisteem is gebou op die patroon van die stelsels wat in enkele Duitssprekende lande gevolg word, en soos algemeen bekend, is laasgenoemde stelsels uitstekend gestruktureer.

* Dit blyk verder asof 'n bespreking van die Australiese sisteem dalk van meer belang kan wees as byvoorbeeld die Duitse sisteem aangesien ons vind dat daar onlangs dieselfde soort van veranderings in die struktuur aangebring is as wat daar nou in Suid-Afrika in die vooruitsig gestel word.

* Dan is dit ook belangrik om te vermeld dat die Australiese sisteem nou verwant is aan die Britse YTS-skema en soos in die vorige hoofstuk vermeld is daar ook tussen die Suid-Afrikaanse en die Britse stelsels 'n noue ooreenkoms. In aansluiting hierby gaan aspekte van vaardigheidsopleiding wat in die Australiese stelsel voorkom, maar wat reeds met die bespreking van die Britse stelsel ter sprake gekom het, nie weer vermeld word nie.

2. Kenmerke van die "Australian Traineeship System" (ATS)

* Die enkele uitstaande kenmerk van dié stelsel word soos volg gestel: "the centrepiece ... is the development of a new system of traineeships for young people. These traineeships are to be in non-trade occupations" (Kirby 1985:6). Dit beteken dat daar met die ATS voorsiening gemaak is daarvoor om die opleiding in ander vaardighede op dieselfde vlak te plaas as dié van vakmanne. Dit word dan ook gestel dat, volgens die ATS (sj:4) die doelstellings met die sisteem die volgende is:

* to provide a new form of quality training for young people entering the workforce, thereby improving the skills of the Australian youth labour force;

* to provide increased employment and training opportunities for youth;

* to extend the provision of quality on- and off-the-job taining of relevance to industry and to young people;

* to provide trainees with qualifications that are recognised by industry and education bodies, and which can be used as a step to permanent employment and a worthwhile career, and or further education and training;

* to provide equal access to employment and training opportunities for young men and women.

* Die ATS was oorspronlik daarop gemik om die elfdejaar skoolverlaters (± St. 9) 'n minimum opleidingstyd van een jaar te laat deurloop. Die jaar word verdeel in twee afdelings naamlik 'n minimum buite-werkverwante (off-the-job) tydperk van dertien weke formele opleiding by 'n TAFE (die Suid-Afrikaanse ekwivalent van 'n tegniese kollege) of ander goedgekeurde onderwysinstansie, en daarnaas 'n binne-werkverband (on-the-job) tydperk wat by 'n goedgekeurde werkgewer deurloop word. Dit is verder belangrik om daarop te let dat die opleiding by die TAFE beroepsgerig is sonder om te eng te wees, en dat daar nie noodwendig 'n verbintenis aan 'n spesifieke werkgewer is nie (Hermann 1987:95).

* Die inhoudelike van die ATS berus volgens Kirby (1985:115) op 'n sogenaamde familie-van-vaardighede wat aan die een kant opleiding van geestes- en sosiale wetenskappe insluit, en aan die ander kant ook poog om kommunikasie-, rekenaar-, visuele-, beplannings-, besluitnemings- en probleemoplossingsvaardighede te verbeter. In dié verband is dit vir die Suid-Afrikaanse situasie van belang om daarop te wys dat die Australiese ATS-stelsel blykbaar besondere toepassingswaarde het vir die bankwese; vir assuransiemaatskappye en vir enigiemand wat in 'n verkoopshoedanigheid werksaam is (Hermann 1987:97).

* 'n Volgende belangrike kenmerk is die feit dat 'n toelae van $1000 betaal word vir elke vakleerling wat deur 'n firma ingevolge die ATS-stelsel

438

ingeneem word. Hierby ontvang TAFE-kolleges ook 'n bedrag van $1700 vir die instelling van ATS-kursusse. Laasgenoemde bedrag word in paaiemente betaal en hang dus nou saam met die suksesvolle aanleer van vaardighede soos gemonitor deur die betrokke opleidingsowerheid.

* 'n Laaste belangrike kenmerk van die ATS-sisteem is dat daar 'n kontrak gesluit word tussen die vakleerling en werkgewer. Dit is verder vasgestel dat 'n verslagboek deur die vakleerling gehou moet word en dat behoorlike sertifisering na voltooiing van die vakleerlingskap gedoen word. Die sertifisering word deur die betrokke "State Training Authority" gedoen. Dit is dus logies dat die "State Training Authorities" die buite-werksverband komponente van die vakleerlingskappe goedkeur en dat hulle saam met werkgewers verantwoordelikheid aanvaar vir die binne-werksverband komponente.

3. Implikasies van die ATS-sisteem wat van belang is vir die Suid-Afrikaanse stelsel

* In Australië val die nuwe wetgewing vir vakleerlinge (ATS) onder die "Minister for Employment and Industrial Relations" en aanvaar "Industrial and Commercial Training Commissions" die verantwoordelikhed "to have a specific occupation proclaimed as a 'declared vocation' subject to the authority of the State Training Authority; declared vocations could include professionals as well as paraprofessionals and operative occupations" (Hermann 1987:97).

In die Suid-Afrikaanse situasie kan die tradisionele onderwysdepartemente en werkgewers wat nie onder Opleidingsrade val nie, met soortgelyke reëlings voel dat daar op hulle terrein oortree word. Dit kan dus tot ernstige wrywing aanleiding gee.

* Bostaande feite het 'n direkte invloed op die funksionering van sekondêre skole en die TAFE-kolleges in Australië.

Wat sekondêre skole betref, is daar die gevoel dat fondse ingeboet moet word as gevolg van die feit dat dit aan ATS-kursusse bestee word.

439

Vir die TAFE-kolleges is dit 'n wesenlike probleem dat studente kan verkies om ATS-kursusse bo hulle gewone voltydse kursusse te volg. Dit is so vanweë die koppeling wat daar tussen ATS-kursusse en werkgeleenthede is. Dit blyk dus asof 'n oplossing vir hierdie probleem moontlik daarin geleë kan wees dat studente maklik moet kan oorskakel vanaf 'n gewone TAFE-kursus na 'n ATS-kursus.

* In Australië bestaan daar ook die situasie dat die instelling van ATS-kursusse as werkskeppingsgeleenthede gesien word. Dit kom daarop neer dat geld wat voorheen vir werkskeppingsprogramme gebruik is, in 'n al groter wordende mate aangewend word vir hierdie gekombineerde opleiding/werkskeppingsprogramme.

IV.   VAARDIGHEIDSOPLEIDING IN WES-DUITSLAND

1.   Inleiding

Soos bekend, is die Wes-Duitse stelsel besonder goed gestruktureer. Hierby moet ook genoem word dat skoliere tot 18-jarige ouderdom skoolpligtig is en dat belangrike aspekte van vaardigheidsopleiding gevolglik binne die Berufschule geakkommodeer word. In die verband. moet die rol van die beroepskole (Berufschule) vermeld word. Leerlinge kan as 'n deel van hulle verpligte skoolloopbaan by een van hierdie "deeltydse" skole inskryf. Dit hou in dat daar een of twee dae per week skool bygewoon word (8-12 uur per dag) as deel van 'n koöperatiewe onderwysprogram, of op 'n voltydse basis in welke geval dit as basiese beroepsonderrig gesien word.

Vir doeleindes van hierdie navorsingsopdrag word egter verderaan net gelet op die aspekte van vaardigheidsopleiding wat in Wes-Duitsland onder die Federale regering val en gereël word deur spesifieke wette wat vir die doel daargestel is.

Hieronder blyk die volgende aan die hand van 'n publikasie van die Departement van Buitelandse Sake (FRG 1982) belangrik te wees.

* Die verskeidenheid van vakleerlingskappe.

*. Opleidingsinstansies en opleidingspersoneel.

* Die opleidingskontrak.

* Die voorsiening van verdere en veranderende vaardigheidsopleiding.

2. Die verskeidenheid van vakleerlingskappe

In gevolge die Wet op Beroepsopleiding van 1969, soos gewysig, is daar reeds meer as 500 verskillende beroepe as vakleerlingskappe geïdentifiseer. Dit hou in dat die volgende sake onder meer per verordening (regulasie) vir elk van die verskillende vakleerlingskappe vasgestel is.

* Die opleidingstyd.

* Die vaardighede en kennis wat benodig word.

* Die opleidingsplan.

* Die verslagboek.

* Toetsing en sertifisering.

Wat laasgenoemde aangeleentheid betref, is dit belangrik om te noem dat daar beide 'n intermediêre toets (aan die einde van die eerste jaar) en 'n finale eksamen afgelê word waarin kandidate hulle vaardighede moet bewys. Dit beteken dat daar naas teoretiese eksamens ook 'n praktiese intermediêre toets van agt uur en 'n praktiese finale eksamen van sestien uur afgelê word. 'n Vakleerling moet gedurende hierdie praktiese eksamens bewys toon dat hy/sy die nodige vaardighede bemeester het deur byvoorbeeld self 'n produk te vervaardig.

Die eksamens waarna hierbo verwys word, val na gelang van die betrokke vaardigheid onder die jurisdiksie van <u>Die Kamer van Handel en Nywerheid, Die Kamer van Landbou</u> of die <u>Kamer van Kunste en Handwerk</u> (Chamber of Arts and Crafts). Genoemde Kamers is dan ook verantwoordelik vir die administrasie en afneem van die eksamens.

3. <u>Opleidingsinstansies en opleidingspersoneel</u>

In terme van die <u>Wet op Beroepsopleiding</u> word sekere kriteria vermeld waaraan 'n instansie moet voldoen om te kwalifiseer as <u>opleidings</u>instansie. Hierdie kriteria word saamgestel rondom sake soos die tipe werksgeleenthede wat beskikbaar is, die opleidingsfasiliteite en die aantal vakleerlinge wat geakkommodeer kan word (FRG 1982:28).

Wat opleidingspersoneel betref, word die vereistes gestel dat so 'n persoon self 'n vakleerlingskap moes geslaag het; minstens 24 jaar oud moet wees en daarby verskeie jare relevante werkservaring opgedoen het (FRG 1982:28). Hierby word ook sekere teoretiese kennis vereis wat ingevolge regulasies vir opleidingspersoneel saamgestel is.

4. <u>Die opleidingskontrak</u>

Volgens Bernem (1983:91) is die eerste stap van suksesvolle vakleerlingskap in Wes-Duitsland die verskaffing van beroepsvoorligting. Dit word op skool en/of deur 'n Arbeidskantoor gedoen. Sodoende verkry 'n voornemende vakleerling duidelikheid oor sy toekomstige beroep en kan daar voortgegaan word om 'n opleidingskontrak te sluit. 'n Belangrike aspek van die kontrak is dat daar per wet voorsiening gemaak word dat die eerste drie maande 'n proeftydperk is, waartydens enige van die partye die kontrak kan kanselleer. Wat ook hierby genoem moet word is die belangrike voordeel van vakleerlingkontrakte naamlik, dat dit die vakleerling in staat stel om vir drie jaar onder behoorlike toesig te werk.

5. <u>Die voorsiening van opleiding in verdere en veranderde vaardighede</u>

442

In die Wes-Duitse stelsel word voorsiening gemaak dat vakleerlinge met voldoende praktiese ervaring deur middel van die formele stelsel (Fachschulen) kan vorder of andersins slegs spesiale eksamens kan aflê waarvoor daar in die Wet op Beroepsopleiding voorsiening gemaak word. Hierdie eksamens word deur die betrokke Kamers (vgl. par. 2) afgeneem. Persone wat van beroep wil verander, kan benewens sekere vereistes waarvoor in die Wet op opleiding vir Volwassenes voorsiening gemaak word, ook langs bogenoemde weg 'n ander vakleerlingskap bekom.

6. **Samevatting en aanbeveling**

Die Wes-Duitse stelsel van vaardigheidsopleiding is besonder ordelik en sistematies en daarby word belangrike aspekte eksplisiet deur wetgewing bepaal. Hierby is daar 'n noue ooreenkoms tussen opleiding en werk wat besonder sterk beklemtoon word deur die feit dat daar selfs in die formele stelsel voorsiening gemaak word vir 'n belangrike komponent van vaardigheidsopleiding.

Die werking van die Wes-Duitse stelsel kan as 'n ideaal vir die medium tot langtermyn in Suid-Afrika beskou word vanweë die feit dat daar tans nog geen strukture vir vaardigheidsopleiding (in nie-ambagsrigtings) in die Republiek van Suid-Afrika bestaan nie. Dit blyk dus asof daar tans 'n baie groot, selfs dalk onoorkomelike, verskil tussen die Suid-Afrikaanse en Wes-Duitse stelsels is.

V. **ASPEKTE VAN VAARDIGHEIDSOPLEIDING IN ENKELE ANDER LANDE**

1. **Inleiding**

In hierdie hoofstuk word gepoog om aspekte van vaardigheidsopleiding uit te lig wat nie met die bespreking van die Britse, Australiese of Duitse sisteme na vore gekom het nie. Uiteraard is die doel dus nie om 'n volledige bespreking van vaardigheidsopleiding in dié lande wat hier ter sprake kom, te doen nie. Die mikpunte is slegs om aspekte aan te toon wat moontlik oorweging

verdien in die Suid-Afrikaanse situasie. Sulke aspekte kan uit die sisteme van die volgende lande aangetoon word:

* Frankryk.

* Japan.

* Hong Kong.

* Nederland.

2. <u>Frankryk</u>

Die Franse stelsel van vaardigheidsopleiding is gebaseer op die idee dat daar nie <u>amptelik</u> van firmas verwag word om vaardigheidsopleiding te onderneem nie. Tog toon die praktyk dat daar wel 'n groot mate van die opleiding deur hulle onderneem word. In elk geval bestaan daar nie wetgewing wat dit verpligtend maak vir firmas om byvoorbeeld vakleerlingskappe aan te bied nie.

'n Volgende belangrike kenmerk van die Franse stelsel is dat daar uitstekende <u>beplanning</u> van vaardigheidsbehoeftes gedoen word. Alhoewel dit aanvaar word dat sulke pro-aktiewe beplanning nooit 100% akkuraat kan wees nie, lewer dit tog baie effektiewe resultate op, wat as <u>riglyne</u> vir opleidingsbeleid geld. In die verband het sulke beplanning byvoorbeeld getoon dat

"apprenticeship, a longstanding form of vocational training which might otherwise prove effective in meeting the needs of the young and of enterprises, is regarded in France - in contrast to neighbouring countries - as outdated and is more or less confined to a few traditional and declining trades" (Oechslin 1987: 662).

Die klem val dus op nie-ambagsmanvaardighede en daarby word dit ook gestel dat daar gekonsentreer moet word op bemarkbare (marketable) en aanpasbare vaardighede.

444

'n Laaste belangrike kenmerk van die Franse stelsel is dat daar met die skepping van strukture vir vaardigheidsopleiding sterk gebruik gemaak word.van die sogenaamde "mutualising" begrip.. Dit hou in dat die onderskeie belangegroepe (met insluiting van vakbonde) deur middel van 'n proses van mede-besluitneming en konsultasie inspraak kry voordat wetgewing en/of regulasies uitgereik word. Daar is verskeie liggame op nasionale en plaaslike vlak wat juis vir hierdie doel (sosiale dialoog) daargestel is en alhoewel ons hier met 'n tydrowende proses te doen het, beteken dit dat vakbonde byvoorbeeld hulle volle gewig ingooi om maatreëls effektief te laat funksioneer. (Oechslin 1987: 653-657; Dundas - Grant 1985:257).

3.   Japan

In aansluiting by die Wette op Beroepsonderwys het Japan sedert 1970 drie sogenaamde "Basic Vocational Training Plans" geformuleer. In al hierdie planne kom die gedagte van werkverwante opleiding baie sterk na vore. Die onderneming word inderdaad beskou as die mees geskikte opleidingsplek vir aanvanklike sowel as voortgesette vaardigheidsopleiding. In die praktyk kom dit daarop neer dat dit maklik is om in Japan werk te kry met 'n gewone skoolsertifikaat aangesien die vaardigheidsopleiding in elk geval binne organisasie-verband gedoen word.

Dit is ook opmerklik dat daar nie in Japan 'n noue onderskeid gemaak word tussen geskoolde, half-geskoolde en ongeskoolde werkers nie. Hiermee saam hang die feit dat daar veral in die jongste tyd baie aandag gegee word aan opleiding in bestuursvaardighede. Dit is moontlik hierdie beklemtoning wat baie met die skouspelagtige ontwikkeling van die Japanese ekonomie te doen het (Thorgood 1982b:374; McCormick 1988:38-42).

4.   Hong Kong

In Hong Kong was die situasie tot en met 1982 so dat die privaatsektor 'n baie lae en swak betrokkenheid by vaardigheidsopleiding getoon het. Dit was hoofsaaklik te wyte aan die feit dat die oorgrote meerderheid besighede

445

bestempel kon word as kleinsake-ondernemings. Hierdie sektor was net doodgewoon nie in staat om fondse vir opleiding te bewillig nie.

Die gevolg was dat die regering 'n baie sterk <u>gesentraliseerde</u> opleidingsbeleid aanvaar het waarin onder meer voorsiening gemaak word vir direkte finansiering (uit regeringsfondse) van vaardigheidsopleiding, en nie uit heffings nie. Dié gesentraliseerde beleid reël onder meer ook eksplisiet

* die bepaling van mannekragbehoeftes en opleidingsbehoeftes in elke sektor.

* die ontwikkeling en modernisering van werkspesifikasies en -standaarde.

* modelopleidingsprogramme en riglyne vir vaardigheidstoetse.

* die vereistes waaraan firmas moet voldoen om as opleidingsinstansie te kan kwalifiseer.

Hierby hou die "Vocational Training Council" (vgl. Britse MSC) feitlik op 'n direkte wyse toesig oor die werksaamhede van die 19 ITB's deur middel van komitees wat met spesifieke funksies gemoeid is (Sek-Hong 1987:468-476).

5. <u>Nederland</u>

Die stelsel van vaardigheidsopleiding in Nederland verskil radikaal van al die ander stelsels waarna hierbo verwys is. In Nederland verlaat slegs 3% van die skoliere die skool op skoolverlatingsouderdom (vgl bv Switzerland se 60%) om vakleerlinge te word. Dit beteken dat vaardigheidsopleiding feitlik in sy totaliteit in skole verskaf word. Indien verdere of nuwe vaardighede deur werkers vereis word, kan dit ook weer deur middel van die formele onderwysstelsel opgedoen word.

'n Belangrike konsekwensie van hierdie stelsel is dat firmas maar moet aanvaar dat nuwe werkers nie presies gaan inpas in spesifieke poste nie. Alhoewel sulke persone nie in terme van die stelsel verplig kan word om 'n vakleerlingskap te deurloop nie, blyk dit tog duidelik dat een of ander vorm van werkverwante opleiding gedoen moet word (De Forge 1980:72-73).

VI.   GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

1.   Gevolgtrekkings

Alhoewel dit nie op die weg van hierdie navorser gelê het om 'n ondersoek na die filosofiese grondslae van vaardigheidsopleiding te doen nie blyk dit tog relevant te wees om daarop te wys dat die hele kwessie van vaardigheidsopleiding in verskeie lande op twee belangrike uitgangspunte steun naamlik, SOSIAAL/MAATSKAPLIKE oorwegings en EKONOMIESE oorwegings.

In die praktyk funksioneer die verskillende stelsels op grond van 'n kombinasie van ekonomiese en sosiaal/maatskaplike faktore. Dit is verder ook duidelik dat daar telkens in 'n spesifieke land swaarder aangeleun word teen een van die twee genoemde uitgangspunte. Dit gee aanleiding tot die voorkoms van spesifieke kenmerke in 'n bepaalde stelsel. Hierdie kenmerke sal vanselfsprekend nie dieselfde beklemtoning ontvang in 'n ander stelsel wat op ander uitgangspunte gebou is nie.

Ten spyte van die feit dat lande se stelsels van vaardigheidsopleiding in die praktyk op 'n kombinasie van sosiaal/maatskaplike en ekonomiese faktore gebou is, kan die volgende hipotetiese onderskeid gemaak word tussen stelsels van vaardigheidsopleiding wat slegs op die een of die ander van genoemde faktore gebou is.

Figuur 1. Grondslae van vaardigheidsopleiding gebaseer op verskillende uitgangspunte

	SOSIAAL/MAATSKAPLIKE	EKONOMIESE
A	Opleiding word verskaf aan minder-bevoorregtes, bv. jeugdiges en werkloses	Opleiding word verskaf op grond van die behoefte aan vaardighede ten einde produksie te verhoog
B	Die klem val op kwantiteit (soveel as moontlik opleiding moet gedoen word)	Die klem val op kwaliteit (hoë gehalte van opleiding)
C	Klem op buite-werksverband oplei-ding (opleiding in formele onder-wysinstansies)	Klem op binne-werksverband op-leiding (opleiding in die praktyk)
D	'n Breë basis word vir vaardig-heidsopleiding verskaf (bv. vakke uit geesteswetenskappe as deel van aanvanklike opleiding)	Eng spesialisasie in vaardig-heidsopleiding (Pasklaar 'tailor-made' vakke)
E	Beklemtoon generiese vaardighede (oordraagbaar van een beroep na 'n ander)	Beklemtoon spesifieke vaardighede (bv. slegs as bouer of loodgieter)
F	Vakleerlingsisteem (traineeship) word verkies met klem op moont-like verandering in belangrik-heid van vaardighede	Ambagsmansisteem (tradisionele 'apprenticeship' word verkies met klem op ambagsvaardighede)

SOSIAAL/MAATSKAPLIK	EKONOMIESE
G Algemene onderwys is belangrik vir breë ontwikkeling van leerder	Opleiding wat bevoegdheidsgerig is, is van belang vir leerder
H Burokratiese beleidmaking geskied (afwaartse strategie 'top-down' word gebruik)	Demokratiese beleidmaking geskied (opwaartse strategie 'bottom-up' word gebruik)
I Vaardigheidsopleiding moet op so 'n laat moontlike ouderdom begin	Vaardigheidsopleiding moet op die vroegs moontlike ouderdom begin
J Die klem val op leer	Die klem val op onderrig
K Opleidingsbeleid is goed ge- struktureer en gekoördineer	Beleid is fragmentaries en word op 'n lukrake manier saamgestel
L Die klem in denke val op kursusse	Die klem in denke val op vaardig- hede
M Daar is 'n sterk sentralisasie van mag (bv. in die hande van die MSC)	Daar is desentralisasie van mag (bv. in hande van die ITB's)

449

SOSIAAL/MAATSKAPLIKE	EKONOMIESE
N Besluitnemingsbevoegdheid is in die hande van die staat deur middel van wetgewing	Mede-besluitneming vind plaas deurdat verskeie belangegroepe inspraak het
O Koste word hoofsaaklik deur die staat gedra	Koste word deur werkgewers en werknemers gedra.

Ter verduideliking van bostaande diagram moet net weer beklemtoon word dat die wyse waarop die verskillende aspekte van vaardigheidsopleiding hierbo beklemtoon is, nie direk gekoppel kan word aan die praktyk in een of ander land nie. Verskillende lande maak nou eenmaal gebruik van kombinasies uit die genoemde kenmerke. Dit is dus logies dat die verskillende kenmerke in 'n groter of kleiner mate in die Suid-Afrikaanse sisteem aangetref sal word.

2. **Aanbevelings**

2.1 Voortvloeiend uit die gevolgtrekkings wat hierbo verskyn, word hiermee aanbeveel dat daar 'n pragmatiese beleid vir vaardigheidsopleiding in die Republiek van Suid-Afrika daargestel word. Dit beteken dat hierdie beleid op beide ekonomiese en sosiaal/maatskaplike faktore gebaseer moet word. Verder hou dit ook in dat die vyftien sake waarna hierbo verwys is (sien fig. 1), almal in 'n groter of kleiner mate in die beleid sal figureer.

Die besondere kombinasie van eienskappe moet na gelang van Suid-Afrikaanse omstandighede uitgewerk word.

In die algemeen kan dit egter gestel word dat die Staat 'n permanente betrokkenheid by vaardigheidsopleiding moet hê. Dit is so omrede dit vir

450

hom op grond van sosiale en maatskaplike oorwegings voordelig is om sy burgers te laat oplei.

Aan die ander kant moet die privaatsektor vanuit ekonomiese motiewe ook op 'n deurlopende basis by vaardigheidsopleiding betrokke wees.

2.2 Daar word in die besonder aanbeveel dat 'n nuwe vakleerlingstelsel "traineeship system", die huidige stelsel sal vervang. In hierdie stelsel moet voorsiening gemaak word vir opleiding in <u>bemarkbare</u> vaardighede wat veral tred hou met tegnologiese ontwikkelings.

2.3 Daar word voorgestel dat die regering die inisiatief moet neem om die huidige stelsel deur middel van wetgewing te wysig, maar dat daar soos in die Franse sisteem gebruik gemaak sal word van mede-besluitneming en konsultasie waarvolgens belanghebbende groepe (ook vakbonde) by beleidmaking betrek sal word.

2.4 'n Volgende aanbeveling is dat daar soos in die geval van Wes-Duitsland slegs deur middel van wetgewing die <u>moontlikheid geskep moet word</u> om 'n beroep tot 'n vakleerlingskap te verklaar. Daar behoort dus nie gepoog te word om die volledige detail rondom alle moontlike vakleerlingskappe by wyse van wetgewing te reël nie. Laasgenoemde sake kan per regulasie gereël word.

2.5 Dit word ook belangrik geag om aan te beveel dat die instelling van 'n nuwe stelsel hand aan hand moet gaan met <u>behoorlike beplanning.</u> Aan die een kant moet die behoeftes van werkgewers vir besondere vaardighede bepaal word maar daarby moet ook vasgestel word wat die leerbehoeftes van sekere sektore (bv. kleinsakesektor) is.

2.6 'n Verdere aanbeveling is dat daar behoorlike voorligting en/of bekendstelling van vakleerlingskappe gedoen sal word. Vir die doel kan beroepsvoorligting op skool en voorligting deur middel van databasisse by die Departement Mannekrag gebruik word. Brosjures soos dié wat gebruik word vir die ATS-en YTS-skemas behoort ook vrylik beskikbaar te wees.

451

2.7 'n Volgende aanbeveling is dat daar op een of ander wyse reeds in die formele onderwyssektor met vaardigheidsopleiding 'n aanvang gemaak word. Hierby behoort daar ook oorgange geskep te word tussen die nie-formele en formele onderwyssektor. Sodoende behoort daar die moontlikheid geskep te word vir iemand wat 'n vakleerlingskap deurloop het om verder te bou op dié kwalifikasie.

Die beginsel dat sekere modules van vaardigheidsopleiding reeds op skool geneem word word dus ondersteun. Soos in Nederland moet hierdie modules egter voldoen aan die kriteria wat deur die onderskeie Opleidingsrade gestel word.

2.8 Ten opsigte van die finansiering van opleiding blyk dit dat heffings nie net wenslik is nie maar selfs as essensieel beskou moet word. Die bedrag wat aan heffingsgeld betaal word behoort egter nie meer as 1% van die totale diensstaat te wees nie. Klein besighede of nuwe besighede behoort egter vir 'n tydperk vrygestel te word van heffings sodat hulle eers 'n lewensvatbare situasie kan opbou.

Wat toekennings betref wil dit voorkom asof dit slegs op 'n selektiewe basis aangewend moet word in sektore waar groei dringend aangemoedig moet word.

2.9 Opleidingsrade behoort aangemoedig te word om hulle aktiwiteite hoofsaaklik te beperk tot die gebiede van akkreditering, koördinering en bemarking van opleiding. Opleidingsrade behoort dus nie self opleiding te verskaf nie.

2.10 Verder word aanbeveel dat daar soos in die Australiese sisteem groter gebruik gemaak word van tegniese kolleges in Suid-Afrika.

2.11 'n Laaste aanbeveling is dat die stelsel waarna in paragraaf 2.2 verwys word in terme van die Suid-Afrikaanse beleid van deregulering en privatisering ingestel sal word. Dit beteken dat individuele opleidingsrade aangemoedig moet word om hulle opleidingsbehoeftes deur middel van eie-opleidingskemas aan te spreek.

452

BIBLIOGRAFIE

ATKINSON, K. 1985. Developing Youth Training. Industrial and Commercial Training, vol. 17 no. 6, pp. 12-15. Nov/Dec.

AUSTRALIAN TRAINEESHIP SYSTEM (ATS). s.j. Canberra: Australian Government Publishing Service.

BACON, J. 1985. The Adult Training Strategy. Industrial and Commercial Training, vol. 17 No. 3, pp. 8-11. May/Jun.

BECK, M. 1987. Positioning Managers for the future - the role of the Government. Industrial and Commercial Training, vol. 19 no. 6, pp. 21-26. Nov/Des.

BERNEM, G. 1983. Vocational Guidance and Vocational Education - The German Approach. The Vocational Aspect of Eduction vol. xxxv no. 92, pp. 89-93

BRITISH INFORMATION SERVICES (BIS). 1977. Industrial Training. London: Central Office of Information.

BROWN, R. 1985. Project-based learning in a Local Authority. Industrial and Commercial Training, vol. 17 no.1, pp. 10-12. Jan/Febr.

CHANDLER, J.A. 1985. Local Authorities and the Creation of Employment. England: Gower Publishing Company Limited.

CHAPMAN, P.G. 1987. The Youth Training Scheme in the United Kingdom. England; Avebury.

CIVIL SERVICE COLLEGE. 1988. Programme 1987-1988.
CIVIL SERVICE COLLEGE. 1988. Principal's Annual Report to the Advisory Council.

CLOETE, J.J.N. 1969. Editorial: Die Britse Local Government Training Board. SAIPA: Tydskrif vir Publieke Administrasie, vol. 4 no. 4, pp. 240-245.

COATES, J. 1986. An Action Learning Approach to Performance Review and Development. Industrial and Commercial Training, pp. 23-27. Jul/Aug.

DAVIES, T. 1982. Group training schemes: an assured future. Industrial and Commercial Training, vol. 14 no. 10, pp. 344-346. Oct.

DAVIES, S T. 1986. Group training Associations. Industrial and Commercial Training, vol. 18 no. 1, pp. 14-15. Jan/Feb.
.

DEFORGE, Y. 1981. Living tomorrow - An inquiry into the preparation of young people for working life in Europe. Strasbourg: Council of Europe.

DUNDAS-GRANT, V. 1985. The organisation of Vocational/Technical/Technological Education in France. Comparitive Education, vol. 21 no. 3, pp. 257-267.

EVERARD, K.B. 1981. An industrial reaction to the review of training policy. Industrial and Commercial Training, vol. 13 no. 1, pp. 9-13.Jan.

EVERARD, K.B. 1986. The Future of Development Training. Industrial and Commercial Training, vol. 18 no. 5, pp. 8-9. Sept/Oct.

FEDERAL REPUBLIC OF GERMANY (FRG). 1982 Governance and Structures. Bonn: FRG

FIDGETT, T. 1986. The Engineering Industry Training Board to the year 2000. Industrial and Commercial Training; vol. 18 no. 2, pp. 4-7. Mrt/Apr.

GREIG, F.W. 1988(a). National Training Strategies and Structures: the International Perspective. Training and Development pp. 16-25. Jan.

GREIG, F.W. 1988 (b). National Training Strategies and Structures: the International Perspective (Part 2i). Training and Development pp. 17-26. Apr.

GREIG, F.W. 1988(c). National Training Strategies and Structures: The International Perspective (Part 2ii). Training and development; pp. 14-24. May.

HANDY, C. 1987. Management training: perk or prerequisite? Personnel Management pp. 28-31. May.

HERMANN, G. 1987. Introducing youth traineeships into Australia. . The Vocational Aspect of Education: vol. XXXIX. no. 104, pp. 95-104. Dec.

HOLLAND, G. 1987. Adult Learning. The Challenge for Government. Industrial and Commercial Training. vol. 19 no. 2, pp. 27-32. March/Apr.

KEMP, L. 1983. Stability in Industrial Training. Industrial and Commercial Training. Vol. 15 no. 12, pp. 368-373. Dec.

KIRBY, P.E. 1985. Report of the Committee of Inquiry into Labour Market programs. Canberra. AGPS.

LOCKWOOD, J. 1979. The manpower services commission - an opportunity missed. Industrial and Commercial Training. Vol. 11 no. 11, pp. 467-471. Nov.

LOMAX, P. 1982. A grass roots version of the training board system. Industrial and Commercial Training. Vol. 14 no. 1, pp. 20-24. Jan. .

McCORMICH, K. 1988. Vocationalism and the Japanese Educational System. Comparitive Education vol. 24 no. 1, pp. 37-51.

MUMFORD, A. 1987. Learning to learn from Managers. Journal of European Industrial Training Vol. 10, no. 2.

OECHSLIN, J. 1987. Training and the business world: the French experience. International Labour Review. vol. 126 no. 6, pp. 653-667. Nov/Dec.

PETTMAN, B.O. 1978. Government involvement in training: England: MCB publications.

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING (RGN). 1988. Komitee vir ondersoek na strukture vir opleiding. Pretoria: RGN.

ROBERTS, A. 1985. The MSC and training for it. _Industrial and Commercial Training._ vol. 17 no. 4, pp. 23-27. Jul/Aug.

SEK-HONG, N.G. 1987. Training problems and challenges in a newly industrialising economy: the case of Hong Kong. _International Labour Review._ Vol. 126 no. 4, pp. 467-477. Jul/Aug.

THOROGOOD, R. 1982(a). Current themes in vocational education and training policies - Part 1. _Industrial and Commercial Training_ vol. 14 no. 10, pp. 328-331. Oct.

THOROGOOD, R. 1982(b). Current themes in vocational education and training policies - Part 2. _Industrial and Commercial Training_ vol. 14 no. 11, pp. 372-377.

THOROGOOD, R. 1982(c): Current themes in vocational education and training policies - Part 3. _Industrial and commercial training_ vol. 14 no. 12, pp. 399-405. Dec.

TURNER, R. 1977. Industrial training: it's past, present and future. _Personnel management_ vol. 3, pp. 21-23. Dec.

VAN BERNEM. 1983. Vocational Guidance and vocational education - the German Approach. _The Vocational Aspect of Education._ Vol. XXXV no. 92, pp. 89-93. Dec.

WELLENS, J. 1979. Total Training - training of the eighties. _Industrial and commercial training_ vol. 11 no. 9, pp. 371-378. Sept.

WELLENS, J. 1985(a) Review - the case against the MSC: A plea for help. _Industrial and Commercial Training_ vol. 17 no. 4, pp. 3-7. Jul/Aug.

WELLENS, J. 1985(b) Review - the case against the MSC: Part 2 - The concept of a Job Technology. _Industrial and Commercial Training_ vol. 17 no. 5, pp. 3-7. Sept/Oct.

456

WELLENS, J. 1980. RETA: Review of the Employment and Training Act 73. Industrial and Commercial training vol. 12 no. 9, pp. 351-351. Sept.

WELLENS, J. 1983. Operation Phoenix - a study of living and working in a technological society. Industrial and Commercial training vol. 15 no. 4, pp. 113-117. Apr.

WELLENS, J. 1983. Review. Industrial and Commercial Training. Vol. 15 no. 6, pp. 172-182. Jun.

WORTHINGTON, M. 1986. Open Tech - Panacea or Palliative? Industrial and Commercial Training vol. 18 no. 1, pp. 8-9. Jan/Febr.

WRIGHT, S. 1978. A move to co-ordinate resources. Industrial relations and training vol. 10 no. 9, pp. 358-361. Sept.

457

NAVORSINGSPROGRAM: VAARDIGHEIDSOPLEIDING

IN DIE RSA .

PROJEKKOMITEE 6 : STRUKTURE VIR VAARDIGHEIDS —

OPLEIDING:

NAVORSERS: PROF L.P. Calitz (UP)

                             DR A Maree (UNISA)

NAVORSINGSASSISTENTE: Mej H. Marais (UP)

TIKSTER: Mev R Conradie (Unisa)

PRETORIA: Sept. 1988

459

DIE STRUKTURE VIR VAARDIGHEIDSOPLEIDING IN
BRITTANJE EN ENKELE OORSESE LANDE

PROJEKKOMITEE 6

Dr. C. van Wyk

UNISA

1988

INHOUDSOPGAWE

401

402

403

DIE STRUKTURE VIR VAARDIGHEIDSOPLEIDING IN

BRITTANJE EN ENKELE OORSESE LANDE

I.   ORIëNTERING

Soos uit die titel blyk, handel hierdie verslag oor strukture vir vaardigheidsopleiding in Brittanje en enkele oorsese lande. Dit beteken in dat die navorser die hele saak vanuit 'n makro-perspektief benader het. Relevante wetgewing en daarmee samehangende meganismes, sowel as beleidsontwikkelings word dus sterk onder die soeklig geplaas. Hiermee saam hou die navorsingsondersoek in dat die hele saak van vaardigheidsopleiding in terme van die volgende definisie benader word.

" Skills training is any training which improves the effectiveness of the trainee in performing his work. This includes manipulative as well as intellectual skills at all levels. For the purpose of this investigation any training taking place in the formal educational system is excluded as well as any formal training in the recognised professions leading to certification or registration in the profession. As an investigation has recently taken place into the Training of Artisans in the RSA all training in a "designated" trade is also excluded from this investigation." (RGN 1988:12)

In aansluiting by hierdie definisie blyk dit sinvol te wees om terwille van eenvormigheid verderaan te verwys na die terme ambagsopleiding wanneer hoofsaaklik verwys word na die bekende Engelse term "apprenticeship", terwyl die begrip vakleerlingskap dui op die meer omvattend term "traineeship" waaronder ook opleiding in vaardighede anders as die tradisionele vakmanopleiding ingesluit.

Verderaan moet net vermeld word dat die navorser in terme van 'n opdrag van die komitee genoem PC 6 (RGN 1988) gepoog het om 'n volledige uiteensetting van die Britse stelsel te doen, terwyl daar slegs gewys word op enkele belangrike aspekte van strukture in ander oorsese lande.

405

II. VAARDIGHEIDSOPLEIDING IN BRITTANJE

1. Inleiding

In ooreenstemming met die komitee (PC 6), wat die hele saak van strukture vir vaardigheidsopleiding aanspreek, is besluit om die Britse stelsel volledig te bespreek aangesien die Suid-Afrikaanse stelsel tot 'n groot mate daarop gebou is. Met die oog hierop word die volgende aspekte van die Britse stelsel vervolgens uitgelig.

* Beleidsontwikkelings op die gebied van vaardigheidsopleiding.

* Oorsake vir beleidsveranderings.

* Strukture en meganismes.

* Samevatting: Tendense en neigings.

2. Beleidsontwikkelings op die gebied van vaardigheidsopleiding

2.1 Algemeen

Beleidsontwikkelings op die gebied van vaardigheidsopleiding het die afgelope twintig jaar insiggewende veranderings ondergaan. Soos verwag kan word, openbaar persone uit die owerheid- en privaatsektore verskillende perspektiewe oor hierdie saak. So sien verteenwoordigers van die privaatsektor bepaalde wetgewing byvoorbeeld as blatante staatsinmenging terwyl regeringsverteenwoordigers dit slegs as rigtinggewende maatreëls beskou. Objektief gesien, kan egter beweer word dat alle wetgewing en regulasies steeds in die lig van die breë Britse filosofie van beïnvloeding en aansporing eerder as dwang, gedoen is. Hierby moet in gedagte gehou word dat veral die huidige regering 'n besonder pragmatiese houding in verband met opleiding aan die dag lê. Ekonomiese en sosiale oorwegings lê vir hulle na aan die hart en wysigings in wetgewing kan dus telkens na hierdie faktore

teruggevoer word. Vervolgens word op spesifieke beleidsontwikkelings gelet
wat ten nouste verband hou met wetgewing wat op bepaalde tye ingestel is.

2.2   Die Laissez-Faire beleid (± 1950-1964)

Gedurende hierdie tydperk is opleiding gesien as 'n saak wat geheel en
al in die hande van die privaatsektor was. Verder was werkgewers van mening
dat die opleiding van ambagslui in feitlik alle opleidingsbehoeftes sou
voorsien. Opleiding het dus gedurende hierdie tyd hoofsaaklik bestaan uit die
voorsiening van praktiese opleiding deur individuele werkgewers wat aangevul
is deur kursusse aan tegniese kolleges (Greig 1988a:18).

2.3   Die Sinkroniese beleid (1964-1973)

Hierdie tydperk is hoofsaaklik daardeur gekenmerk deur die poging om
bestaande probleme, wat veral ten opsigte van die privaatsektor se houding in
verband met opleiding gemanifesteer het, die hoof te bied. Die "Industrial
Training Act" is in 1964 hoofsaaklik in die lewe geroep om toe te sien dat die
kwantiteit en kwaliteit van opleiding verhoog word (BIS 1977:4). Die stigting
van die "Industrial Training Boards" ingevolge bogenoemde wet moes hierdie
probleme aanspreek en het ook saamgeval met die samestelling van 'n "Central
Training Council" wat die mag ontvang het om die opleidingsrade se aktiwiteite
te koördineer en om die betrokke minister te adviseer.

2.4   Die Pro-aktiewe beleid (1973-1981)

Hierdie beleid is ingelui met die aanvaarding van "The Employment Act"
in 1973. Ten spyte van die feit dat dié wet daarop gemik was om deur middel
van die "Manpower Services Commission" (MSC), wat die "Central Training
Council" vervang het, probleme soos vaardigheidstekorte en werkloosheid aan te
spreek, het dit hoofsaaklik ten doel gehad om verandering te inisieer deur te
konsentreer op

"major issues, particularly on the forward programme of work and
budgets" (Lockwood 1979:467).

Meer spesifiek wat opleiding betref, het 1973 se wet ook meer spesifiek voorsiening gemaak vir die stigting van die 'Training Services Agency' wat die volgende ten doel gehad het:

"To help through training to secure the efficiency and effective performance of the country's manpower. To help individuals through training to fulfil the needs and aspirations they have for their own employment" (Lockwood 1979:458).

2.5 Die Desentralisasie beleid (1981-)

Gedurende hierdie tydperk het die regering sy rol as leier, deur middel van die MSC, gekombineer met 'n beleid van desentralisasie. Ten spyte van inisiatiewe wat in die "Employment and Training Act" van 1981 na vore kom, was daar dus 'n houding van buigbaarheid te bespeur. Hierdie beleid is deels genoodsaak deur die feit dat die behoefte aan sekere vaardighede voortdurend verander tesame met 'n sosiale bewustheid om in die opleidingsbehoeftes van jeugdiges en volwassenes te voorsien.

3. Oorsake vir Beleidsveranderings

3.1 Inleiding

As grondslag van die beleidsontwikkelings waarna hierbo verwys is, moet daar eerstens gewys word op ekonomiese en sosiale faktore wat op verskillende tye as redes vir veranderinge aangetoon kan word. Hiermee saam is daar ook sekere oorsake wat nou verwant is aan vaardigheidsopleiding en dus meer direk gesien kan word as redes vir die veranderinge van strukture op hierdie gebied. Hierdie sake word vervolgens net genoem aangesien 'n bespreking daarvan nie vir doeleindes van hierdie verslag tot nut sal wees nie.

3.2 Ekonomiese en Sosiale Faktore

* Lae produktiwiteit.

* Vaardigheidstekorte tesame met algemene werkloosheid.

* Die lae ekonomiese groeikoers in vergelyking met Europese lande (Chapman & Tooze 1987:25).

3.3 Faktore op die gebied van vaardigheidsopleiding

* Die rigiditeit van die vakleerlingstelsel.

* Die neiging om eerder vaardighede te 'koop' as om self opleiding te doen.

* Die gebrek aan koördinasie in die opleidingsveld.

* Die gebrek om aan te pas en voorsiening te maak vir nuwe en veranderde vaardighede. (BIS 1977:4; Greig 1988C:16).

4. Strukture en meganismes

4.1 Inleiding

In hierdie afdeling word hoofsaaklik gewys op die wyses en funksionering van wetgewing wat vaardigheidsopleiding in Brittanje moontlik gemaak het, en op die daarmee gepaardgaande meganismes ingevolge waarvan die wetgewing tot uitvoering gebring is.

4.2 Wetgewing

4.2.1 Die "Industrial Training Act" van 1964

Die belangrikste beginsel wat in hierdie wet in terme van opleiding gestel is, is dat alle werkgewers, of hulle opleiding doen of nie, 'n verpligte bydrae tot 'n opleidingsfonds moes maak (Kemp 1983:368). Die "Industrial Training Boards " (ITB) wat ook ingevolge hierdie wetgewing in die lewe geroep is, moes die opleidingsheffings in hulle betrokke nywerhede insamel en dié fondse dan weer toeken aan maatskappye wat voldoen het aan bepaalde opleidingstandaarde (Lomax 1982:21).

409

'n Verdere uitvloeisel van 1964 se wet was die stigting van "Group Training Associations" (GTA) wat in die opleidingsbehoeftes van kleiner maatskappye kon voorsien. Deur die GTA's vir opleiding te gebruik kon sulke maatskappye met min of geen opleidingspersoneel nie dus verseker dat hulle weer hul heffings in die vorm van toekennings sou terug ontvang (Davies 1986:14).

Benewens die <u>voordele</u> wat reeds by implikasie hierbo genoem is, kan die volgende ook as <u>positiewe gevolge</u> van 1964 se wet genoem word.

* Die privaatsektor se hele houding teenoor opleiding het insiggewend verander.

* Opleiding het van 'n lukrake na 'n gestruktureerde en gekoördineerde aktiwiteit verander.

* Die koste verbonde aan opleiding is meer eweredig tussen firmas verdeel.

* Die instelling van modulêre opleidingsprogramme het tot gevolg gehad dat opleiding meer buigbaar en selektief toegepas kon word volgens behoeftes en geleenthede wat bestaan het.

Die belangrikste <u>nadele</u> van 1964 se wet kan soos volg saamgevat word.

* Die heffings was besonder hoog.

* Dit was baie moeilik om toekenningskemas te ontwikkel wat op 'n regverdige wyse rekening gehou het met die gespesialiseerde behoeftes van individuele firmas sowel as met die meer algemene behoeftes van ander firmas.

* Deur middel van die wet is heffings en toekennings <u>aan werkgewers</u> gemaak en daar is nie rekening gehou met die feit dat sommige werknemers self betaal vir die verkryging van vaardighede wat van 'n meer algemene aard is nie.

4.2.2 Die "Employment and Training Act" van 1973

Ingevolge hierdie wet is belangrike wysigings aan die heffing-toekenningskema aangebring. Dit het onder meer voorsiening gemaak vir sekere _vrystellings_ en vir bydraes vanaf regeringskant tot die administratiewe kostes (bedryfskoste) van die ITB's. As gevolg van hierdie bydrae kon klein maatskappye vrygestel word van heffings terwyl hulle nogtans gebruik kon maak van die adviserende dienste wat deur die ITB's gelewer is. Ander firmas wat uit eie fondse kon voldoen aan die opleidingskriteria wat deur die pas gestigde "Manpower Services Commission" (MSC) neergelê is, kon ook vrygestel word van heffings.

Die maksimum bydraes van firmas is beperk tot 1% van hulle diensstate met die ooglopende voordeel dat hulle nie 'n uitermate groot bedrag aan heffing hoef te betaal nie. Daar benewens moedig dit hulle ook aan om slegs behoeftegerigte opleiding te verskaf.

Die _voordele_ wat in 1973 se wet opgesluit lê, hang vanselfsprekend saam met die feit dat die regering self 'n aansienlike bydrae tot die befondsing van ITB's gedoen het. Hierdie bydrae het gelei tot:

* Die verhoging in kwaliteit en kwantiteit van algemene opleiding.

* Die verhoging in aantal en status van opleidingspersoneel wat 'n belangrike bydrae tot vaardigheidsopleiding gelewer het deur middel van die sogenaamde "multiplier" effek.

Verder het die wet ook die _positiewe gevolge_ gehad dat vaardigheidsopleiding deur middel van die MSC ook in sektore wat nie deur ITB's bedien was nie, gestimuleer kon word. Hiermee saam hang die feit dat daar aandag gegee kon word aan nasionale opleidingsprioriteite wat nou saamgehang het met sosiale behoeftes (bv. opleiding vir jeugdiges en volwassenes).

Aan die _negatiewe kant_ moet egter vermeld word dat 1973 se wet die klem nog hoofsaaklik laat val het op ambagsmanopleiding wat deur sommige skrywers as "the great irrelevance for the future", bestempel is (Wellens 1980:358). Hiermee saam hang die feit dat min ruimte gelaat is vir innovasie ten opsigte

411

van opleiding in ander soorte vaardighede. Alle opleiding is dus in terme van
die sistematiese metodes van ambagsmanopleiding beskou. Dit hou in dat daar
nie voorsiening gemaak is vir nuwe en veranderde vaardighede wat vanself-
sprekend met die ontwikkeling van die tegnologie geoaard gaan nie.

'n Volgende belangrike punt van kritiek wat teen 1973 se wet ingebring
kan word, is dat die moontlikheid vir vrystellings hoofsaaklik verband gehou
het met die opleidingsmaatreëls van firmas en nie noodwendig met die resultate
en kwaliteit van opleiding nie (Chapman & Tooze 1987:30). Die ITB vir die
konstruksiebedryf is byvoorbeeld van mening dat hierdie gebruik daartoe gelei
het dat verskeie ITB's finansiële probleme ondervind het en dus nie met hulle
bedrywighede kon voortgaan nie (Kemp 1983:368). Dié betrokke ITB het trouens
nog nooit die vrystellingskema in werking gestel nie (slegs klein firmas met
'n diensstaat van minder as £15000 betaal nie heffings nie).

4.2.3   Die "Employment and Training Act. 1981" en daarna

Teen omstreeks 1980 was twee van die belangrikste probleme in Brittanje
die steeds stygende werkloosheidsyfer aan die een kant, en die tekort aan
opgeleide persone in sekere vaardighede (veral in nie-ambagsmanopleiding) aan
die ander kant. Hierby was daar die besef dat nasionale opleidingsbe-
behoeftes teen so 'n tempo verander het, dat dit nie altyd deur middel van 'n
noodwendige uitgerekte wetgewingsproses opgelos kon word nie.

Die wet van 1981 moet saamgelees word met 'n dokument getiteld "The New
Training Initiative: A Consultative Document" van dieselfde jaar wat deur die
MSC opgestel is en waarin die mikpunte vir die dekade 1980-1990 soos volg
uiteengesit word:

(1) to enable every young person to remain as a learner up to the age
     of 18 at least - whether in full-time education or outside;

(2) to establish an education and training system built on standards of
     competence and

(3) to open up wider opportunities for adults in the course of their working lives (Holland 1987:27).

Hierby moet in gedagte gehou word dat 1981 se wet op die grondliggende gedagte van desentralisasie gebou is met die daarmee gepaardgaande moontlikheid om op 'n vinniger en meer buigsame wyse op probleme te reageer. In die lig van hierdie gedagte is bepaal dat firmas weer self verantwoordelikheid moes aanvaar vir die bedryfskoste van hulle eie ITB's, behalwe in die geval waar 'n ITB bereid sou wees om as agent van die MSC op te tree. Hiermee het die doodsklok vir 16 van die 23 ITB's gelui en is hulle vervang met sowat 100 nie-statutêre opleidingsinstansies.

Die voordele verbonde aan 1981 se wet lê hoofsaaklik daarin dat

*   die moontlikheid geskep is om aan sosiale opleidingsbehoeftes te voldoen. Hierdie opleiding is dan ook intensief vanuit die staatskas gefinansier.

*   firmas verbonde aan bepaalde nywerhede, as gevolg van groter bydraes, 'n groter seggenskap in hulle eie sake gekry het en gevolglik sou toesien dat hulle ITB (of ander opleidingsorganisasie) effektief bedryf sou word.

*   'n meer stimulerende klimaat vir opleidingsinisiatiewe geskep is as gevolg van die verwydering van burokratiese inmenging.

As nadele van 1981 se wet kan genoem word dat

*   daar 'n groter finansiële las op die skouers van individuele firmas gelaai is.

*   die belangrike monitor-funksie wat deur ITB's vervul is, nou in baie gevalle nie meer bestaan het nie.

* opleidingsbehoeftes soos gesien deur die Regering (hoofsaaklik sosiaal van aard) nie noodwendig ooreengestem het met die siening van die privaatsektor nie (hoofsaaklik vaardigheidsgerig).

4.3 Meganismes

Onder meganismes vir vaardigheidsopleiding word daar veral gelet op die funksionering van die "Industrial Training Boards" (ITB); die "Manpower Services Commission" (MSC) en op opleiding wat in die sektore geskied wat nie onder die ITB's val nie. Dit moet egter in gedagte gehou word dat sekere aspekte van hierdie liggame se werking reeds onder punt 4.2 ter sprake gekom het. Hier word dus slegs beoog om op op 'n meer volledige wyse na die werksaamhede van die genoemde liggame te let.

4.3.1 Die "Industrial Training Boards" (ITB)

4.3.1.1 Algemeen

Die ITB-stelsel is ingevolge 1964 se wetgewing op die been gebring. Die veronderstelling was dat die betrokke sekretaris met werkgewers en werknemers in 'n bepaalde nywerheid moes konsulteer oor die instelling van 'n ITB. Elke ITB het bestaan uit verteenwoordigers van werkgewers en werknemers en uit opvoedkundiges.

4.3.1.2 Funksies

Die ITB's het die volgende funksies gehad:

* Om opleidingskursusse te reël vir werknemers en voornemende werknemers by bepaalde nywerhede.

* Om kursusse wat by ander ITBs gevolg is, goed te keur.

* Om aanbevelings te doen oor die aard en duur van kursusse en verdere opleiding benodig vir 'n bepaalde nywerheid.

* Om standaarde en metodes te bepaal waarmee meting kan plaasvind.

* Om toekennings te maak of lenings te gee aan persone te doen wat goedgekeurde kursusse aanbied.

* Om reis- en verblyfkoste aan persone te betaal wat goedgekeurde kursusse bywoon.

* Om keuringstoetse vir voornemende werknemers te ontwerp.

* Om bystand te verleen aan persone wat op soek is na geskikte opleidingsfasiliteite.

* Om navorsing te doen.

* Om dienskontrakte met vakleerlinge te sluit.

* Om inligting oor opleiding te versamel en te vertolk.

* Om opleidingsbeamptes op te lei.

4.3.1.3 Funksionering

In die algemeen gesien, is die ITB's in die lewe geroep om die agterstand wat die Britse ekonomie in vergelyking met dié van Europa getoon het, te probeer inhaal. Dit moes veral gedoen word deur die opleidingsbehoeftes van individuele werkgewers te koördineer en sodoende beide die kwaliteit en kwantiteit van opleiding te verhoog. 'n "Central Training Council" was gemagtig om die ITB's se aktiwiteite te koördineer en die betrokke minister te adviseer. Die ITB's het egter feitlik direk na hulle totstandkoming in die midde van die hele twispunt rondom die kwessie van heffings, al dan nie, beland en na 1973 se wet was daar 'n duidelik spanning te bespeur tussen die MSC en die ITB's. Hiermee saam het dit duidelik geblyk dat die aantal werkgewers en werknemers wat buite die invloedsfeer van die ITB's geval het, besig was om veel meer te word as dié wat daarbinne geval het. Die grootte van die "vrywillige" sektor was een van die belangrikste

redes wat uiteindelik daartoe gelei het dat slegs 7 ITB's behou is terwyl daar sowat 100 nie-statutêre opleidingsinstansies (NSTO) tot stand gekom het.

Uit die 1987-Jaarverslae van die 7 bestaande ITBs blyk die volgende belangrike inligting:

* Dié ITB's het hoofsaaklik bly voortbestaan as gevolg van die feit dat daar 'n sterk gevoel in dié betrokke nywerhede was dat vrywillige opleidingsorganisasies nie sou kon voldoen aan hulle spesifieke opleidingsbehoeftes nie.

* Die grootste deel van die ITB's se fondse kom vanaf die Regering vir die bedryf van Youth Training Schemes (YTS).

* Behalwe in die gevalle van die konstruksienywerheid, en tot 'n mindere mate in die Ingenieursnywerheid het die ITB's nie stewige surplusse (opgehoopte fondse) nie en kan daar dus twyfel uitgespreek word oor die feit of hulle op die lang duur sal bly voortbestaan (elke ITB word na 'n tydperk van 3 jaar hersaamgestel).

* Die meeste ITB's verleen tans heelwat aandag aan bestuursopleiding en die opleiding van opleidingspersoneel en maak hoofsaaklik hiervoor gebruik van die sogenaamde "Open tech" programme. In die Ingenieursnywerheid word werknemers ook op 'n sogenaamde "fellowship" sisteem (koöperatiewe onderwys) in bestuurswetenskappe opgelei.

Ten spyte van die feit dat daar tans nog slegs 7 ITB's in Brittanje werksaam is, kan die volgende as die belangrikste voordele van dié sisteem beskou word.

* Alhoewel sommige "Group Training Associations" (GTA) van hulle oorspronklike doel afgewyk het (sien par. 4.2.1), kan hulle ontstaan bestempel word as een van die belangrikste voordele van die ITB-sisteem. Tans funksioneer sommige GTA's as beperkte

416

maatskappye maar hulle werksaamhede is nog steeds gekoppel aan bepaalde nywerhede. Om hierdie rede is werkgewers baie positief ingestel teenoor GTA's. Die meeste werkgewers is van mening dat aangesien GTA's direk gemoeid is met die dag-tot-dag bedrywighede van 'n bepaalde nywerheid, hulle die beste daartoe in staat is om advies te lewer en bystand te verleen in verband met opleidingsaangeleenthede.

* Die ITB's het die kwaliteit van vakleerlingopleiding verhoog deur dit te sistematiseer en belangrike veranderings soos die modulêre stelsel te implementeer.

* Ook die kwantiteit van dié soort opleiding is verhoog as gekyk word na die feit dat die aantal tegnici vanaf 1965-68 met sowat 100 000 toegeneem het (Pettman 1978:56).

* Die hele saak van opleiding het aansien gekry in die nywerheidswêreld en in belangrikheid toegeneem. Dit blyk duidelik dat die ITB's baie te doen gehad het met die feit dat opleiding 'n agendapunt geword het op die raadsvergaderings van maatskappye.

As nadele verbonde aan die ITB-stelsel kan die volgende genoem word:

* Die ITB's het 'n eng beskouing oor opleiding gehad omdat hulle slegs bereid was om volgens die behoefte van hulle eie nywerhede op te lei. Dit het ingehou dat daar min vernuwing en verandering van hulle kant af was en dat hulle 'n saak soos die opleiding van volwassenes agterweë gelaat, terwyl hulle tog veronderstel was om hieraan aandag te gee.

* Die ITB's het min of selfs geen aandag gegee aan die gedagte van opleiding in oordraagbare vaardighede (ontwikkeling) nie. Dit kan dus selfs gestel word dat hulle houding ingestel was op 'n basiese en statiese beskouing oor tegnologie wat die vakleerling in 'n hokkie geplaas het waaruit dit feitlik onmoontlik was om te ontsnap terwyl hulle hom na regte in 'n voortdurende en ontwikkelende

417

werk-leersituasie moes geplaas het. Vanuit so 'n situasie sou dit moontlik wees om opwaarts na meer uitdagende betrekkings te kon beweeg.

* Verskeie van die ITB's het in eie reg, tot frustrasie van hulle eie lede, sterk burokratiese instellings geword.

4.3.2 Die "Manpower Services Commission" (MSC), tans genoem "Training Commission"

4.3.2.1 Algemeen

Met die "Employment and Training Act" van 1973 is voorsiening gemaak vir die instelling van die MSC wat bestaan het uit 10 onafhanklike lede wat sou funksioneer deur middel van die "Training Service Agency" (TSA) en die "Employment Service Agency" (ESA), met die verantwoordelikheid om die hele veld van openbare indiensneming en opleiding te betree, en om industriële opleiding te koördineer. Struktureel het hierdie besluit daarop neergekom dat die adviserende "Central Training Council" omskep is in 'n beleidmakende-en uitvoerende liggaam met uitgebreide magte om opleiding in alle ekonomiese sektore te bevorder (Greig 1988a:24). Dit beteken dat die MSC sy werksaamhede ook kon uitbrei tot daardie sektore wat tradisioneel nie deur ITB's bedien kon word nie. Dit het natuurlik ook ingehou dat die magte van die ITB's aan bande gelê is. Trouens die MSC is deur middel van hierdie stap in 'n posisie geplaas dat fondse deur hom na die ITB's gekanaliseer moes word. Dit is juis hierdie stap wat die MSC in 'n uitvoerende posisie geplaas het en dan ook aanleiding gegee het tot hewige kritiek (sien nadele).

Nogtans was die oorspronklike bedoeling agter die stigting van die MSC dat hy hoofsaaklik deur middel van oorreding en beredenering te werk moes gaan om sodoende 'n hele houdingsverandering ten opsigte van opleiding teweeg te bring (Lockwood 1979:46). Hierby is dit belangrik om te onthou dat die parlement in 1973 aanvaar het dat die MSC 'n klein kommissie sou wees wat hom, benewens die genoemde funksies, veral ook daarop moes toespits om veranderings op die gebied van die opleiding van jeugdiges en volwassenes teweeg te bring.

Ten spyte van die oorspronklike bedoeling (om 'n klein kommissie van kundiges tot stand te bring) het die MSC in 1974 begin funksioneer met 17 000 staatsamptenare wat vanaf opleidingsposte in die "Department of Employment" na die MSC oorgedra is. Die TSA en ESA het verder in 1978 hulle relatiewe onafhanklikheid verloor deurdat hulle opgeneem is as departemente van die MSC. Die MSC kan dus inderwaarheid beskou word as 'n onafhanklike staatsdepartement en dit is geen wonder nie dat iemand soos Wellens (1983:113) beweer het dat "bureaucrats have taken over the training business in the UK".

Desnieteenstaande bostaande stelling het die MSC prysenswaardige werk op die gebied van vaardigheidsopleiding in Brittanje verrig, en word sy werksaamhede vervolgens onder die volgende hoofde bespreek:

* Die voorsiening van laevlakvaardighede;

* Die voorsiening van hoëvlakvaardighede;

* Positiewe gevolge en

* Probleme.

4.3.2.2 Die voorsiening van laevlakvaardighede

In terme van die doelstellings met die. "New Training Initiative: A Consultative document" (sien par. 4.2.3) kon die verskaffing van laevlak-vaardighede veral gesien word in die lig van aktiwiteite rakende volwassenes, aan die een kant en aksies vir die opleiding van jeugdiges aan die ander kant.

Wat volwassenes betref, het van die belangrikste MSC aksies rondom die "Skill Centres" gesentreer. Hierdie sentrums was 'n uitbouing van die ou "Government Training Centres" (GTC) en is ook uitgebrei na die Kolleges vir Verdere Opleiding wat onder die plaaslike owerhede geressorteer het. , Die gedagte met die "Skill Centres" was hoofsaaklik om aanvullende opleiding te verskaf tot dit wat reeds deur werkgewers en die ITB's gedoen is. In die praktyk het dit egter so gewerk dat dit hoofsaaklik werkloses was wat hulle by dié sentrums aangemeld het vir opleiding. Verder was dit ook so dat daar

hoofsaaklik handvaardighede by die ou GTC aangebied is terwyl klerikale en handelsvaardighede by die Kolleges vir Verdere Opleiding aangebied is. Aangesien die Kolleges onder beheer van plaaslike owerhede ressorteer, is daar verder toegesien dat daar voldoen is aan die opleidingsbehoeftes van spesifieke plaaslike gemeenskappe.

Van die belangrikste vaardighede wat by "Skill Centres" ingevolge die "Training Opportunity Scheme" (TOPS) aangebied word, lê op die terreine van kleinsakebedryf, kantoororganisasie en rekenaartegnologie (Bacon 1985:9). Ten einde steun te kry vir bogenoemde en ander kursusse het die MSC verskeie toekenningskemas geloods. Hiervan is die "National grants for priority skills" en die "Local grants to employers" van die belangrikste.

Wat die opleiding van jeugdiges betref is daar in 1983 'n "Youth Training Scheme" (YTS) ingestel met die doel om 'n beroepskwalifikasie aan sestien- en sewentien jariges wat tot die arbeidsmark toetree 'n beroepskwalifikasie te verskaf. Die skema is werkgerig (employment based) en daar word van opleidingsvoorsieners verwag om 'n tweejaarprogram saam te stel, wat minstens twintig weke opleiding buite werksverband insluit om vakleerlinge in staat te stel om 'n beroepskwalifikasie te verwerf wat sterk bevoegdheidsgerig is. In die praktyk kom dit gewoonlik hierop neer dat daar gedurende die eerste jaar algemene beroepsopleiding aangebied word terwyl die tweede jaar se opleiding meer werkverwant is.

Die omvang van die YTS-skema het alle verwagtings oortref en gedurende 1985 was daar byvoorbeeld reeds sowat 5 500 organisasies wat op een of ander wyse daarmee gemoeid was. In dieselfde jaar was daar reeds 55 geakkrediteerde sentrums waar sowat 11 000 verskillende programme aangebied is. Soos reeds voorheen genoem (par. 4.3.1.3),1 word hierdie skema vanselfsprekend intensief deur die regering gefinansier.

420

4.3.2.3   Die voorsiening van hoëvlakvaardighede

Die voorsiening van hoëvlakvaardighede word in Brittanje hoofsaaklik deur werkgewers op eie inisiatief gedoen. Met die stigting van die MSC het die gedagte dat die regering (d.m.v. die MSC) 'n groter rol in dié verband behoort te speel egter momentum gekry. Dit blyk dan ook uit die feit dat daar sedert 1973 verskeie direktorate by die MSC gestig is wat aandag aan hierdie saak gegee het. Benewens die "Directorate of Occupational Training", wat die hele strategie vir die opleiding van volwassenes geïnisieer het, word daar in hierdie verband ook gedink aan die "Directorate of Manpower Services". Hierdie direktoraat het dan ook byvoorbeeld by monde van sy voorsitter 'n tien punt plan in terme van die "New Training Initiative" gepubliseer waarin sekere doelwitte vir bestuursopleiding gestel is, wat teen 1995 bereik behoort te word (Holland 1987:30-31). Hierbenewens kan ook nog verwys word na

*   navorsing en ondersoeke wat gedoen word,

*   beleidsuitsprake wat gelewer word en

*   aksies wat geloods word om die opleiding in hoëvlak vaardighede te bevorder.

4.3.2.3.1 Navorsing en ondersoeke

Die MSC het reeds verskeie ondersoeke oor bestuursvaardighede geïnisieer en finansieel ondersteun. Van die belangrikste is dié van Constable & McCormick (1987), Handy (1987) en Mumford (1987). In eersgenoemde verslag word klem gelê op die vermeerdering in die kwantiteit van formele bestuursopleiding deur die toekenning van subsidies. Soos Mumford (1987:19) dit stel, berus hierdie soort opvatting op die beginsel van "management education is good for you" wat heeltemal uitgedien is. Hierteenoor word daar in die verslag getiteld Developing Directors van Mumford (1987)en in The Making of Managers van Handy (1987) klem gelê op die volgende belangrike aspekte van hoëvlakvaardigheidsopleiding:

* Dit moenie ingestel wees op die beginsel van "educational good" nie maar bestuursvaardighede moet aangeleer word wat 'n direkte bydrae kan maak tot die oplossing van probleme en die vermoë om geleenthede (opportunities) te kan aangryp.

* Leer deur middel van werkservaring en deur middel van opleiding moet geïntegreer word en mag nie meer as losstaande sake gesien word nie.

* Bestuursopleiding moet meer besigheidsgeoriënteerd wees en reeds vanaf die begin van 'n werknemer se loopbaan aangebied word.

4.3.2.3.2 Beleidsuitsprake

Verskeie beleidsuitsprake is reeds deur die MSC in verband met opleiding in hoëvlakvaardighede gemaak. Hieronder word die uiteensetting van Beck (1987:21-26) wat voorsitter van die bestuursontwikkeling beleidsafdeling by die MSC is, aangedui. Hy het in 'n insiggewende artikel getiteld Positioning Managers for the Future - The Role of Government onder die volgende vier opskrifte, na die rol van die Regering wys.

* Die Regering as leier.

* Die Regering as katalisator.

* Die Regering as voorsiener van infrastrukture en sisteme.

* Die Regering as reguleerder van standaarde.

a) Die Regering as leier

Die belangrikste leierskapfunksies van die Regering is om die verskillende belangegroepe soos byvoorbeeld die Departement van Handel en Nywerheid; die Departement Mannekrag; die MSC en die Departement Onderwys en Wetenskap (DES), deur middel van onderlinge gesprekvoering sover te kry om te konsentreer op spesifieke bestuursvaardighede. Nou samehangend hiermee is

422

natuurlik die feit dat slegs sekere opleidingsaktiwiteite van regeringskant af gefinansier en gemonitor sal word.

b)   Die Regering as katalisator

As katalisator is dit vir die Regering belangrik dat idees bemark sal word. Dit word gedoen deur byvoorbeeld publisiteit en erkenning te verleen deur middel van publikasie (Managing booklets) en die "National Training Award Scheme". In terme van hierdie skema word werkgewers beloon wat hulle byvoorbeeld daartoe verbind om die doelwitte waarna hierbo verwys is, na te streef.

As katalisator staan die Regering 'n projekbenadering tot vaardigheidsopoleiding voor. Dit hou in dat indiwiduele opleiers/fasili-teerders aangemoedig word om spesifieke besigheidsprobleme te identifiseer om te bepaal of die maatskappy se werknemers oor die nodige vaardighede beskik om die probleme op te los en om dan presies aan te dui hoedanige opleiding verskaf moet word om die probleme op te los.

c)   Die Regering as voorsiener van infrastrukture en sisteme

Die eerste saak wat hieronder vermeld kan word, is die sogenaamde "Open Tech" en "Open College" ontwikkelings wat hieronder meer volledig bespreek word.

Daar word egter ook beplan om "Training Access Points" te stig wat neerkom op 'n volledige databasis betreffende inligting oor opleidings-programme in dele van die land waar die programme gevolg kan word.

d)   Die Regering as reguleerder van standaarde

423

VOORWOORD

Die RGN-/NOR-ondersoek na ambagsmanopleiding wat gedurende 1984 voltooi is, het aanleiding gegee tot die RGN-/NOR-ondersoek na vaardigheidsopleiding in die RSA.

Dr. A. Pittendrigh is aangewys as voorsitter van laasgenoemde ondersoek. Daar is verder ook besluit om dieselfde navorsingsmodel as dié met die ondersoek na ambagsmanopleiding te volg. 'n Werkkomitee bestaande uit 28 persone en 7 projekkomitees wat uit 43 persone bestaan het, is saamgestel.

Elk van die sewe projekkomitees het een of meer navorsers aangestel, wat verantwoordelik was vir die skryf van 'n kort navorsingsverslag. Die projekkomiteelede het die navorser met raad gedien en die verslag geëvalueer. Hierdie verskillende navorsingsverslae van die projekkomitees is in verkorte vorm as hoofstukke in die hoofverslag ingesluit terwyl die vernaamste voorstelle van elke navorsingsverslag asook die aanbevelings van die werkkomitee in die laaste hoofstuk vervat is.

Die volgende projekkomitees is geïdentifiseer:

1. Die huidige posisie van vaardigheidsopleiding in elk van die verskillende nywerheidsektore.

   Navorser: Dr. G. Cilliers, RGN

2. Die huidige posisie van vaardigheidsopleiding in landbou, bosbou en visserye.

   Navorser: Dr. L. Pienaar, RGN

3. Die huidige posisie van vaardigheidsopleiding vir werksoekers en werkloses.

   Navorser: Mnr. W.F. Pienaar, RGN

4. Die koste, voordele en finansiering van vaardigheidsopleiding.

   Navorsers: Mnr. E.T. Basson
   Prof. G.L. de Wet
   Mnr. C. Harmse
   Mnr. B.G. Rousseau   } Universiteit van Pretoria
   Prof. N.J. Schoeman
   Prof. F.G. Steyn
   Mnr. J.H. van Heerden

5. Faktore wat vaardigheidsopleiding bevorder of strem.

   Navorser: Dr. D.L. Hattingh, RGN

6. Die strukture vir vaardigheidsopleiding.

   Navorsers: Prof. L.P. Calitz   Universiteit van Pretoria
   Dr. A. Maree   UNISA
   Mnr. B. Parkin   Cntwikkeling- en Opleidingsfonds vir die
                      Elektrotegniese Aannemingsnywerheid
   Dr. C. van Wyk   UNISA

7. Vaardigheidsopleiding vir die ontwikkeling van kleinsake, insluitende die informele sektore.

Graag wys ek die leser daarop dat hierdie navorsingsverslae slegs konsep-verslae is en dat geen tegniese- of taalversorging van die verslae plaas-gevind het nie.

(handgeskrewe handtekening)

A. Vermaak
Sekretaresse
RGN-/NOR-ondersoek na vaardigheidsopleiding in die RSA

INHOUD

RGN-onderwysnavorsingsprogram

RGN-/NOR-ondersoek na vaardigheidsopleiding in die RSA:
Ongepubliseerde navorsingsverslae

Deel II

Pretoria

Julie 1989